Bewerk om aan die eise van Buiteskole en Dorpskole wat Kursus B volg, te voldoen

DEUR

**J. M. CLOETE**

**Newlands Afrikaanse Skool, Wes Rand.**

MET 10 GEKLEURDE KAARTE

DERDE DRUK

PRYS VAN ELKE STUKKIE IN SLAP LINNEBAND 4/-

'n Serie Boekies van die beste manne op Onderwysgebied.

# DIE PRAKTIESE TAAL- EN STYLKURSUS

(PARALLELLE SERIE)

## vir Suidafrikaanse Skole

deur

**O. VAN OOSTRUM, Ond. 1e kl.**

*Dosent aan die Normaalskool, Pretoria*

en

**M. PHILLIPS, M. A.**

*Hoof v/d Gimnasium Senior Skool, Pretoria*

Met illustrasies van Mej. J. A. VAN OOSTRUM (Mevr. H. D. ROSS)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Standaard I | 1/- | Standaard IV | 1/3 |
| „ II | 1/- | „ V | 2/- |
| „ III | 1/- | „ VI | 2/3 |

# THE PRACTICAL COURSE IN GRAMMAR AND COMPOSITION

(A PARALLEL SERIES)

## for South African Schools

by

**M. PHILLIPS, M. A.**

*Principal, Gymnasium Intermediate School, Pretoria*

and

**O. VAN OOSTRUM, T. I.**

*Lecturer, Normal College, Pretoria*

With illustrations by Miss J. A. VAN OOSTRUM (Mrs. H. D. ROSS)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Standard I | 1/- | Standard IV | 1/3 |
| „ II | 1/- | „ V | 2/- |
| „ III | 1/- | „ VI | 2/3 |

# DIE PRAKTIESE TAAL- EN STYLKURSUS

(PARALLELLE SERIE)

VIR

SUID-AFRIKAANSE SKOLE

DEUR

O. VAN OOSTRUM, Ond. I[e] Kl.
*Dosent a/d Normaalskool, Pretoria*

EN

M. PHILLIPS, M. A.
*Hoof v/d Gimnasium Senior Skool, Pretoria*

Illustrasies deur Mevr. H. D. ROSS

STANDAARD V

Vyfde Druk

Goedgekeur deur die Boekekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns.

Drukkerij en Uitgeverij J. H. de BUSSY, Pretoria
Holl.-Afrik. Uitgevers Mij. v/h. J. DUSSEAU & Co., Kaapstad
1927

SKb
372.6
VAN

FERDINAND POSTMA-BIBLIOTEEK

# DIE PRAKTIESE TAAL- EN STYLKURSUS

(PARALLELLE SERIE)

VIR

SUID-AFRIKAANSE SKOLE

DEUR

O. VAN OOSTRUM, Ond. 1e Kl.
Dosent a/d Normaalskool, Pretoria

EN

M. PHILLIPS, M. A.
Hoof v/d Gimnasium Senior Skool, Pretoria

Illustrasies deur Mevr. H. D. Ross.

STANDAARD V

Vyfde Druk

Goedgekeur deur die Boekekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns.

DRUKKERIJ EN UITGEVERIJ J. H. DE BUSSY, PRETORIA
HOLL.-AFR. UITGEVERS MIJ. v/h. JACQs. DUSSEAU & Co., KAAPSTAD
1927.

## VOORBERIG AAN DIE ONDERWYSER.

Hierdie Serie Taal- en Styloefeninge is bedoel vir skole waar Afrikaans en Engels langs mekaar onderwese word.

Spraakkuns is volstrek nie die vernaamste deel van die taalonderwys nie, en behoort slegs 'n dienende rol te vervul. In hoe minder tyd die mees noodsaaklike onderwerpe uit die Spraakkuns kan geleer word, so veel te meer tyd bly daar beskikbaar vir oefeninge om gedagtes uit te druk, d.i. vir die s.g. Styloefeninge, wat 'n gewigtiger deel van die taalonderwys uitmaak. Daarom is dit te betreur dat juis die Spraakkuns deur die verskil in opvatting en terminologie so dikwels hinderlik werk ten opsigte van die twede taal wat die kinders moet leer gebruik. In hierdie Serie het ons getrag om genoemde euwel weg te neem deur die taalverskynsels in die twee tale, elke slag as hulle analoog is, uit 'n selfde oogpunt te beskou en met dieselfde terme te noem. Hierdeur sal dit moontlik wees om dinge wat die kinders in die een taal geleer het, direk te gebruik by die onderwys van die ander taal, terwyl bowendien die verskille tussen die twee wat gegrond is op verskil van idioom soveel te beter in die oog sal val, sodat daar minder rede sal wees vir Engelse idiome om in die Afrikaans in te sluip, en omgekeerd.

Wat die grammatiese vorm van die woorde betref, het ons gebruik gemaak van die reëls in die „Afrikaanse Taalboek" van Dr. D. F. Malherbe, wat ons ook aan die onderwyser aanbeveel om te raadpleeg.

Ons het die hoofgewig van die taalonderwys gelê op die Styloefeninge. Die bedoeling van hierdie oefeninge is om die leerling daaraan te wen om *eie* gedagtes op *eie manier* te sê. Daarom gee ons ook in hierdie boekies bokant St. III oefeninge om verhaaltjies weer te gee, en ook om verhale wat in die boeke net deur prentjies voorgestel is, skriftelik oor te vertel. 'n Kragtige hulpmiddel om 'n goeie styl te kry is om baie te lees; daarom behoort o.i. die helfte van die tyd wat op die tydtafel vir 'n taal uitgetrek is, aan lees bestee te word.

Wat die gebruik van die boekies aangaan, dit stel ons ons as volg voor.

In elke skool word met die meer sistematiese taalonderwys in die hooftaal 'n begin gemaak in St. I, en met die twede taal in St. II. In 'n skool met Afrikaans as medium neem ons dus in St. I die Afrikaanse boekie vir daardie Standaard. In St. II neem ons die Afrikaanse boekie wat vir St. II bestemd is, en daarby vir die Engels die boekie vir St. I. Terwyl in hierdie boekie vir die Engelse taal dieselfde onderwerpe behandel word as wat die kinders reeds in St. I vir die Afrikaanse taal geleer het, sal dit weinig moeite kos om die boekie in minder as 'n jaar deur te werk. In die laaste gedeelte van daardie jaar kan dus ook 'n begin gemaak word met die Engelse boekie vir St. II, wat weer dieselfde onderwerpe behandel as die Afrikaanse boekie vir St. II. In St. III neem ons die Afrikaanse boekie vir St. III, en werk daarlangs eers die Engelse boekie vir St. II verder deur, waarna ons ook die Engelse boekie vir St. III kan begin. Op hierdie manier deurgaande sal die kinders op die end van St. IV in altwee tale ook aan die end van die boekie vir St. IV kom, sodat in St. V en VI die boekies vir altwee tale heeltemal langs mekaar gebruik word.

Ons hoop dat in die gebruik van hierdie boekies ons geloof mag bewaarheid word dat ons met hierdie uitgawe aan die Suid-Afrikaanse skole 'n werklike diens bewys het. Intussen beveel ons onsself ten seerste aan vir welwillende op- en aanmerkings.

O. VAN OOSTRUM.
M. PHILLIPS.

## BY DIE VIERDE DRUK.

Op gesag van Dr. D. F. Malherbe en op die voorbeeld van „Die Huisgenoot" het ons, in afwyking van die „Woordelys", teruggekeer tot die spelling van die onbepaalde Lidwoord met 'n klein letter. Verder is hier en daar 'n klein verbetering aangebring.

O. v. O.
M. PH.

# INHOUD.


| Les | | Bls. |
|---|---|---|
| 1. | Gemene en Eie Selfst. n.w. | 11 |
| 2. | Versamelname | 11 |
| 3. | Pers. V.n.w. | 12 |
| 4. | Meerv. v. Selfst. n.w. | 13 |
| 5. | **Die Kat en die Valk.** Storie om oor te vertel | 14 |
| 6. | Onderwerps- en Voorwerpsvorm van Pers. V.n.w. | 15 |
| 7. | Pers. V.n.w., Manlik en Vroulik | 16 |
| 8. | **Die twee Ploegskare.** Storie om oor te vertel | 17 |
| 9. | Gemeenslagtige S.n.w. | 18 |
| 10. | Werkw. met voorvoegsel *be-* | 18 |
| 11. | **Versamelname** | 19 |
| 12. | Pers. V.n.w., Manl., Vr. of Gemeensl. | 20 |
| 13. | **Die trou Hond.** Storie om oor te vertel | 21 |
| 14. | Pers. V.n.w. in Onderwerps- en Voorwerpsvorm | 22 |
| 15. | Versamelname om in sinne in te vul | 23 |
| 16. | Teenoorgesteldes van Byvgl. woorde | 23 |
| 17. | Meerv. v. Selfst. n.w. | 24 |
| 18. | **Die President gevangegeneem.** Geraamte v. storie | 24 |
| 19. | Enkelvoude van Selfst. n.w. met mv. op *-te* | 24 |
| 20. | Werkw. met voorvoegsel *ver-* | 25 |
| 21. | **Versamelname** | 25 |
| 22. | Onsydige geslag van S.n.w. | 26 |
| 23. | Storie sonder woorde om te beskryf | 29 |
| 24. | Om Pers. V.n.w. in te vul | 29 |
| 25. | Persoonsname op *-er* en *-ster* | 30 |
| 26. | **'n Edel Hart.** Geraamte v. Storie | 30 |

Les Bls.
27. **Die skool is uit.** Woordontl. v. Pers. V.n.w. ........ 31
28. Meerv. v. Selfst. n.w. op *f* ........................ 31
29. Besitvorm van S.n.w. .............................. 32
30. Werkw. met voorvoegsel *ont-* ........................ 33
31. Storie sonder woorde om te beskryf ............... 33
32. Uitsketsing van sinne. Ond., Ges., en Bep. .......... 33
33. Teenoorgesteldes van W.w. .......................... 35
34. Ontleding van sinne van Oef. 32 .................. 36
35. Om Pers. V.n.w. in te vul ........................ 36
36. Geraamte van storie om uit te werk ............... 37
37. Besitvorm van S.n.w. .............................. 37
38. Oorganklike W.w. .................................. 38
39. Onoorganklike W.w. ................................ 39
40. S.n.w. met agtervoegsel -y ........................ 39
41. Uitsketsing van sinne; Ond., Ges., L. Vw., Bep. .... 40
42. Storie sonder woorde om te beskryf ............... 41
43. Ontleding van sinne van Oef. 41 .................. 41
44. Besitvorm van S.n.w. in die Meerv. ............... 41
45. Om die regte W.w. in te vul ....................... 43
46. Oorganklike en Onoorganklike W.w. ................. 43
47. Geraamte van storie om uit te werk ............... 44
48. Selfstandige Besitvorm; Jan syne, ens. ............... 44
49. Teenoorgesteldes van Byvgl. w. ..................... 45
50. Bedrywende en Lydende Onderwerpe .............. 45
51. Storie sonder woorde om te beskryf ............... 46
52. Bedrywende en Lydende Vorm .................... 46
53. S.n.w. met agtervoegsels *-aar, -er, -aard, -erd* ....... 48
54. Besonder Meervoude van S.n.w. ..................... 48
55. Uitsketsing van sinne ............................. 50
56. **Môre kom nooit nie.** Geraamte v. storie .......... 50
57. Ontleding van sinne van Oef. 55 .................. 51
58. Ontkennende sinne .............................. 51

| Les | | Bls. |
|---|---|---|
| 59. | S.n.w. om in sinne te gebruik | 52 |
| 60. | Storie sonder woorde om te beskryf | 52 |
| 61. | Reëls vir die Onbep. Wys sonder *te* of *om te* | 54 |
| 62. | Bedrywende en Lydende Vorm | 55 |
| 63. | S.n.w. met agtervoegsel *-ling* | 56 |
| 64. | Bevestigend, Ontkennend, Gebiedend, Vraend, Wensend | 57 |
| 65. | Geraamte van storie om uit te werk | 57 |
| 66. | Bedrywende en Lydende Vorm | 58 |
| 67. | Deelwoord, as W.w. en as Byvgl. w. | 59 |
| 68. | Teenoorgesteldes van S.n.w. | 60 |
| 69. | Ontkennende Geb. Wys.; „moenie" | 60 |
| 70. | Storie sonder woorde om te beskryf | 61 |
| 71. | Bedrywende en Lydende Vorm | 61 |
| 72. | **Smiddags in die tuin.** Verlede Tyd | 63 |
| 73. | Voorverlede Tyd | 63 |
| 74. | Persoonsname op *-er, -is, -ees, -ier* | 65 |
| 75. | Deelwoord, as W.w. en as Byvgl. w. | 65 |
| 76. | Omgesette Woordskikking | 66 |
| 77. | Buigingsvorme van die Byvgl. woord | 67 |
| 78. | Storie sonder woorde om te beskryf | 68 |
| 79. | Woorde om in sinne te gebruik | 68 |
| 80. | Samegestelde S.n.w. om te ontbind | 68 |
| 81. | Onvolt. en Volt. Deelwoord | 70 |
| 82. | Verlede Tyd | 71 |
| 83. | Opstel | 71 |
| 84. | Bywoordelike Bepalinge | 71 |
| 85. | Teenoorgesteldes van W.w. | 73 |
| 86. | Direkte Rede; aanhalingstekens | 73 |
| 87. | Persoonsname op *-aar, -aan, -iet* | 75 |
| 88. | **Wat Koba doen.** Toek. Tyd | 75 |
| 89. | Opstel | 76 |

Les — Bls.

90. Lydende Vorm in die Verl. Tyd ................ 76
91. Eenv. B.w.l. Bep. en B.w.l. Bep. Uitdr. ........... 76
92. Betekenis van sekere S.n.w. ...................... 77
93. ’n Afspraak. Verl. Toek. Tyd. .................. 78
94. Samegest. Bvgl. w. op *-ig,* (ruigharig, ens.) ........ 79
95. Die W.w. *doen, gee, maak* in sekere uitdrukkinge ... 79
96. Leestekens in Direkte Rede ...................... 80
97. Betekenis van samegest. S.n.w. ................... 81
98. Verl. Toek. Tyd .............................. 81
99. Opstel ...................................... 82
100. Bvgl. w. om in sinne te gebruik ................. 82
101. Bvgl. w. met agtervoegsels *-saam, -baar, -lik* ....... 83
102. Eenv. B.w.l. Bep., B.w.l. Bep. Uitdr., B.w.l. Bep. Bysin ...................................... 83
103. Die swak Volt. Deelw. ......................... 85
104. Figuurlik gebruikte W.w. ....................... 86
105. Direkte en Indirekte Rede ...................... 87
106. Opstel ..................................... 88
107. Vervoeging van die W.w. ....................... 88
108. Samegest. Bvgl. w. op *-ig*. ...................... 88
109. Uitsketsing van sinne ......................... 89
110. Die sterk Volt. Deelw. ......................... 90
111. Betekenis van sekere S.n.w. ..................... 92
112. Indirekte Rede om na Direkte Rede oor te bring ... 92
113. Betekenis van Bvgl. w. soos *onberekenbaar* ......... 92
114. Die sterk Volt. Deelw. ......................... 93
115. Opstel ...................................... 94
116. B.w.l. Bep. (Eenv.; Uitdr.; Bysinne) .............. 94
117. Ontleding van sinne uit Oef. 116 ................. 95
118. Die sterk Volt. Deelw. ......................... 95
119. Vroulike S.n.w. wat met sekere Mnl. S.n.w. ooreenkom ................................... 96

Les Bls.

120. Eenv. Bvgl. Bep.; Bvgl. Bep. Uitdrukkinge ........ 96
121. Verskil in Betek. v. byna gelykluidende uitdr....... 97
122. Die sterk Volt. Deelw. .......................... 98
123. Opstel .................................. 98
124. Mnl. S.n.w. wat met sekere Vr. S.n.w. ooreenkom . 98
125. Uitdr. om deur een woord te vervang............ 99
126. Eenv. Bvgl. Bep.; Bvgl. Bep. Uitdr.; Bvgl. Bep. Bysin ........................................ 99
127. Figuurlike gebruik van Bvgl. w. ................. 101
128. Die sterk Volt. Deelw. .......................... 101
129. Samegest. Bvgl. w. in die vorm van Volt. Deelw. (breedgeskouder) ............................ 102
130. Direkte Rede om na Indirekte oor te bring ....... 103
131. Opstel ...................................... 104
132. Uitsketsing van sinne ........................ 104
133. Ontleding van sinne van Oef. 132 .............. 105
134. Voorsetsels na sekere W.w..................... 105
135. S.n.w. met agtervoegsel *-sel* .................. 106
136. Volledige uitsketsing van sinne ................ 106
137. Bvgl. w. met agtervoegsel *-loos* ................. 107
138. Opstel ...................................... 107
139. Ontleding in kolomme ........................ 108
140. Wat 'n Voorsetsel is.......................... 108
141. S.n.w. en W.w. om by mekaar te pas ........... 109
142. Uitdr. om deur een woord te vervang............ 109
143. Om ontbrekende Voors. in te vul ............... 110
144. Die W.w. *ondergaan, gebruik, ly,* in sekere uitdr... 111
145. Opstel ...................................... 111
146. Funksie van Voorsetsels........................ 111
147. S.n.w. regstreeks afgelei van W.w............... 112
148. Betr. V.n.w. ................................ 113
149. Ontleding van sinne .......................... 115

| Les | | Bls. |
|---|---|---|
| 150. | Die Lyd. Voorwerpsin | 116 |
| 151. | Figuurlike uitdrukkinge | 117 |
| 152. | Opstel | 118 |
| 153. | Leestekens in die Direkte Rede | 118 |
| 154. | Die Lyd. Voorwerpsin | 119 |
| 155. | Om ontbrekende Voors. in te vul | 119 |
| 156. | S.n.w. regstreeks afgelei van W.w. | 120 |
| 157. | Om ontbrekende Voors. in te vul | 120 |
| 158. | Die Onderwerpsin | 121 |
| 159. | Opstel | 122 |
| 160. | Voors. agter sekere Bvgl. w. | 122 |
| 161. | Die Onderwerpsin | 123 |
| 162. | Figuurlike uitdr. | 123 |
| 163. | Indir. Rede om na Dir. Rede oor te bring | 124 |
| 164. | Onderwerpsinne en L. Voorwerpsinne | 125 |
| 165. | Opstel | 125 |
| 166. | S.n.w. regstreeks afgelei van W.w. | 125 |
| | Wenke vir die Onderwyser omtrent die Onderwerpe vir Opstelle | 127 |
| | Onderwerpe vir Opstelle | 129 |

1. Lees die volgende briefie. Soek daaruit al die Selfstandige Naamwoorde, en skryf daarby tot watter soort hulle behoort: *gemeen* of *eie*.

*Waarde Vrind Jansen,*

Die brenger van hierdie briefie, Meneer Prins, is 'n vrind van my; ontvang hom daarom vrindelik. Hy is 'n inwoner van Colombo op Ceylon, en het my groot dienste bewys toe hy kampdokter was en ek 'n krygsgevangene op Diyatalawa. Deur lesse wat ek hom gegee het, en deur omgang met Afrikaners en Hollanders, het hy ons taal geleer, ofskoon hy onbekend gebly het met ons sedes en gewoontes. Hulle sê hy is 'n groot geleerde. Daaroor kan ek nie oordeel nie; maar ek weet dat hy 'n goeie mens is.

Wat is 'n Selfstandige Naamwoord?
Wat is die verskil tussen 'n *gemene* en 'n *eie* Selfstandige Naamwoord?

2. Let op die kursief gedrukte woorde in die volgende sinne:
Ons *voetbalspan* is baie sterk.
Die Suiderkruis is 'n *groep* van vier sterre.
Die hele *bemanning* van die skip was gewapend.
Die *Parlement* vergader in Kaapstad.

Hoeveel persone is daar in die voetbalspan?
Van hoeveel persone word hier dus gepraat?
As elf persone by mekaar kom om voetbal te speel, noem ons hulle 'n.....

Hoeveel sterre is daar in die Suiderkruis?
So 'n versameling van sterre noem ons 'n ......
Van hoeveel bemanninge word daar gepraat?
Wat is die bemanning van 'n skip?
Hoeveel lede is daar in die Parlement?
Al daardie lede tesame word die ...... genoem.

*Span, groep, bemanning, Parlement* is Selfstandige Naamwoorde.

Elkeen van daardie woorde beteken 'n *versameling* van mense of dinge wat ons as één geheel beskou. Sulke Selfstandige Naamwoorde noem ons *versamelname.*

Hier volg 'n aantal versamelname. Skryf hulle oor, en sit agter elkeen van hulle uit watter persone of dinge die versameling bestaan.

leër, swerm, kudde, span, trop, eskadron, resiment, jurie, klas, skool, stadsraad, sinode, klub, bos, woud, vloot, bende, skoolkommissie, musiekkorps, kerkraad, sangkoor.

3. Vul die volgende in met die regte woordjies.
   1. Jan gaan goed aan: ...... is nou al in Standaard V.
   2. Bessie bly lank weg, en tog het ...... belowe dat ...... gou sou terugkom.
   3. Oom Gert is bly, want ...... het sy skape goed verkoop.
   4. Tant Hannie sê, dat ...... 'n rukkie sal oorkom hiernatoe.
   5. Ons hond Wagter word al oud; ek glo ...... is al twaalf jaar.

6. Daardie kat het kleintjies; as die hond naby kom, is ...... baie kwaai.
7. Die messelaar het fluks gewerk: ...... het die muur al amper klaar.
8. Ons kaffer is tog te dom; gister het ...... die stoof met vloerwas ingesmeer.
9. Ons wasmeid is net so dom; ...... gooi kookwater op die wolgoed, sodat dit algar gekrimp het.
10. Een van ons henne het in 'n maand meer as twintig eiers gelê; maar nou het ...... 'n rukkie opgehou.
11. Ons haan se kam is baie bleek, want ...... is siek.
12. My neef is 'n onplesierige seun: ...... wil altyd baklei.

Vul verder nog dit in:
In die 1e sin sê ek *hy*, want *Jan* is manlik.
In die 2e sin sê ek ......, want ......
In die 3e sin ..............
Ens.

4. Sit die volgende woorde in die meervoud; let goed op, wanneer jy die laaste medeklinker moet verdubbel, en ook by watter woorde jy die dubbel klinkletter moet verander in 'n enkelde:

man, kam, maan, naam, bok, rok, spook, lap, kap, skaap, raap, bek, week, kar, haar, boer, deur, boek, duik, stem, stam, tor, boor, flap, troep, trop, knoop, neus, huis, vis, bos, roos, baas, vel, keel, stal, skaal, droom, vlam, blom, tuin, ton, dorp, kerk, vlok, pruim, palm, plek, ster, veer.

## 5. Die Kat en die Valk.

1. Daar het êrens 'n boerewinkel langs die pad gestaan. Daar het partykeer baie mense gekom om iets te koop.

2. Die winkelier had 'n kat, en die kat had kleintjies. Dikwels het die ou kat na buitetoe gegaan om tussen die gras met die kleintjies te speel.

3. Een môre, toe daar weer 'n heelparty mense by die winkel staan en praat, sien hulle 'n snaakse ding gebeur. 'n Valk, wat daar verby vlie, het die jong katjies gesien. Hy laat hom ook somar uit die lug val en vat een van die klein katjies in sy kloue.

4. Dit sien die ou kat. Dadelik spring sy na die valk toe, om haar kleintjie te red. Die valk wou nie sy prooi opgee nie, en so ontstaan daar 'n woedende geveg.

5. Die valk slaan die kat met sy vlerke, vat haar met sy kloue, en pik haar selfs 'n oog uit.

6. Maar die kat gee nie in nie, en probeer om die valk in haar kloue te kry. Eindelik gee sy die valk 'n gelukkige hou met haar poot, sodat een van sy vlerke seer kry en hy nie goed meer kon vlie nie. Toe kry die kat 'n kans om hom dood te byt.

7. Die jong katjies het vol angs weggevlug en kyk uit die verte na die geveg. Maar toe hulle sien dat die valk dood was, kom hulle na hulle ma toe. Ook die katjie wat die valk gevang het was daarby.

8. Die ou kat ly vreeslike pyn, veral aan die uitgepikte oog; maar sy gee nie om nie, want sy was veels te bly dat sy haar kleintjie gered het, en doen niks as maar aldeur miou en die kleintjies lek.

Van hierdie storie staan hieronder 'n kort inhoud volgens die genommerde paragrafe. Skryf dit oor, maak dan die boekie toe, en skryf daarna die verhaal uitvoerig op na aanleiding van die kort inhoud.

1. By 'n boerewinkel het baie mense gekom.
2. Daar was 'n kat met kleintjies wat buite speel.
3. Die mense sien 'n valk wat 'n kleintjie wil vat.
4. Die ou kat verdedig haar kleintjie.
5. Die valk pik 'n oog van die kat uit.
6. Die kat kap 'n vlerk stukkend en maak die valk dood.
7. Toe kom die kleintjies na hulle ma toe.
8. Die ou kat was bly en gee nie om vir die pyn nie.

6. Waarom sê ons partykeer *hy*, en dan weer *hom*?
„ „ „ „ *ek*, „ „ „ *my*? Ens.

Ons sal sien. Ontleed die volgende sinne:

1. *Ek* help vir Koos. 2[a]. Koos help *my*. 2[b]. Koos help vir *my*. 3. *Ek* gee Jan 'n perske. 4[a]. Jan gee *my* 'n perske. 4[b]. Jan gee vir *my* 'n perske.

Watter deel van die sin is *ek* in die eerste sin?
„ „ „ „ „ „ *my* „ „ sin 2[a]?
„ „ „ „ „ „ *my* „ „ „ 2[b]?
„ „ „ „ „ „ *ek* „ „ 3[e] sin?
„ „ „ „ „ „ *my* „ „ sin 4[a]?
„ „ „ „ „ „ *my* „ „ „ 4[b]?

Dus nou sien ons:

As iemand self die Onderwerp is, sê hy: *ek*.
„ „ „ „ Lyd. Voorw. is, „ „ : *my*.
„ „ „ „ Belangh. V.w. is, „ „ : *my*.

Die Voornaamwoord *ek* het twee vorme: *ek* en *my*.
*Ek* is die Onderwerpsvorm.
*My* is die Voorwerpsvorm.

Skryf daardie vier sinne oor, maar sit in die $1^{e}$ sin *jy* in die plek van *ek*, en verander die ander vyf sinne so dat hulle met die eerste een ooreenkom.

Doen dit weer, maar sit *hy* in die plek van *ek*.
,, ,, ,, ,, ,, *sy* ,, ,, ,, ,, *ek*.
,, ,, ,, ,, ,, *ons* ,, ,, ,, ,, *ek*.
,, ,, ,, ,, ,, *julle* ,, ,, ,, ,, *ek*.
,, ,, ,, ,, ,, *hulle* ,, ,, ,, ,, *ek*.

7. Party Selfst. Naamwoorde is van die *manlike* geslag, en ander van die *vroulike* geslag.

Watter Voornaamwoord gebruik ons vir 'n man se naam?

Watter Voornaamwoord gebruik ons vir 'n vrou se naam?

Sulke Voornaamwoorde wat in die plek van 'n persoon se naam staan, noem ons *Persoonlike V.n.woorde*.

Hier staan 'n aantal Selfst. Naamwoorde en Persoonlike Voorn.woorde. Skryf hulle oor, en sit agter elke woord of dit 'n Selfst. Naamw. of 'n Persoonl. Voorn.-woord is, en in die geval van 'n Selfst. n.w. ook nog watter soort; en sit dan agter algar of dit Manlik of Vroulik is. B.v.

Willem — Eie Selfst. n.w., Manl.
koei — Gem. Selfst. n.w., Vroul.

Marie, hom, meisie, ma, kneg, sy, seun, niggie, vader, haar, man, Jakob, leeu, hen, herderin, meid, Bloubok, hy, os, ooi, neef, Boel, haan, vrou, Sannie.

## 8. Die twee Ploegskare.

1. Twee ploegskare het in 'n hoek van 'n waenhuis gelê. Altwee was vuil en vol roes. Die een was baie lui en het groot plesier in die stil lê gehad. Die ander een was fluks en wou graag gaan werk.

2. Eendag kom die boer in die waenhuis. Hy wou sy lande ploeë. Daarom vat hy die flukse ploegskaar en skroef dit aan die ploeg vas. Toe begin hy te ploeë.

3. Die ander ploegskaar lag by homself en dink: „Goed so, ek het 'n lekkerder lewe, want ek hoef niks te doen nie".

4. Twee weke later kom die flukse ploegskaar terug. Hy was nie meer vol roes nie, maar glad en blink. „Goeiemôre", sê hy vir die lui ploegskaar. „Goeiemôre", sê hierdie een, „wie is jy?" „Ken jy my dan nie meer nie?" antwoord die ander, „ek is jou maat, wat so lank saam met jou hier gelê het".

5. „Maar hoe is jy dan nou so mooi?" vra die luiaard. „Dit kom", sê die ywerige werker, „omdat ek al die tyd gewerk het; daar word 'n mens beter van". „Nou", sê toe die ander, „dan sal ek môre vra of die baas ook 'n slag vir my wil gebruik, want ek wil ook graag so mooi wees soos jy".

6. En toe die boer weer moes ploeë, vat hy die ploegskaar wat eers so lui was; en die het toe ook so glad en blink geword.

Doen met hierdie fabel net soos met die storie van No. 5. Hier staan die kort inhoud:

1. Daar was 'n lui en 'n flukse ploegskaar.
2. Die boer gaan ploeë met die flukse een.
3. Die ander lag daar lekker oor.

4. Toe die flukse een terug kom, was hy glad en blink.
5. Toe die ander hoor hoe dit so kom, wil hy ook werk.
6. Later ploeë die boer met hom en so het hy ook mooi geword.

9. Is 'n *leerling* 'n jongetjie of 'n meisie?
Is 'n *onderdaan* 'n man of 'n vrou?
Is 'n *wees* 'n jongetjie of 'n meisie?
Is 'n *stadgenoot* 'n man of 'n vrou?

'n *Leerling* kan manlik of vroulik wees.
'n *Onderdaan* ,, ,, ,, ,, ,,
Net so ook 'n *wees* en 'n *stadgenoot*.
Ons noem hierdie woorde *gemeenslagtig*; dit beteken dat hulle gemeenskaplik dien vir die manlike en die vroulike geslag. Baie van hierdie Selfst. n.woorde het die uitgang *-ling* of *-genoot*. (Maar onthou dat 'n *ouderling* altyd 'n man is; en 'n *jongeling* ook.)

Skryf nou tien gemeenslagtige Selfst. n.woorde op.

**10.** Hier staan Werkwoorde met die voorvoegsel *be-*.
*Behoort* beteken om *by* iets te hoort; soos b.v.:
Hierdie hoed *be*hoort aan my.
*Beklee* beteken om te *bedek* met 'n kleed; soos b.v.:
Die soldate *be*klee Jesus met 'n purper-mantel.
*Beplak* beteken om *oor* iets heen te plak; soos b.v.:
Die mure was met koerantpapier *be*plak.
*Besnoei* beteken om iets *aan alle kante* te snoei; soos b.v.:
Ons sal die boom deeglik *be*snoei.

*Beklim* beteken om *op* iets te klim; soos b.v.:
Met veel moeite het hulle die berg *be*klim.

Sê nou ook wat die volgende Werkwoorde beteken, en gee by elkeen 'n voorbeeld in 'n sin:
bevloer, beknip, betas, bekruip, bery, bespreek, bereik, besaai, besproei, bekla, bemantel, bestrooi, bespeel, beklop, beskrei.

## 11. Versamelname.

Vul in met die regte name van die versamelinge.

'n Versameling van skepe wat by mekaar behoort, is ............

'n Versameling van skape wat by mekaar behoort, is ............

'n Versameling van mense wat met mekaar praat, is ............

'n Versameling van soldate wat by mekaar behoort, is ............

'n Versameling van leerlinge wat gelyk met mekaar op leer, is ............

'n Versameling van leerlinge wat in dieselfde gebou leer, is ............

'n Versameling van sprinkane wat met mekaar trek, is ............

'n Versameling van bye wat aan dieselfde nes behoort, is ............

'n Versameling van bome wat by mekaar groei, is ............

'n Versameling van vrugtebome wat by mekaar staan, is ............

'n Versameling van kuikens wat gelyk uitgebroei is, is ............

'n Versameling van visse wat soos 'n familie by mekaar bly, is ............

'n Versameling van rowers wat onder een hoof staan, is ............

'n Versameling van koopliede wat met mekaar 'n besigheid dryf, is ............

'n Versameling van mense wat dieselfde geloof het, is ............

'n Versameling van werksmanne wat onder een opsigter werk, is ............

12. Hendrik sê: Ek sit nou in Standaard V.
Hendrika sê: Ek sal ook gou in Standaard V sit.

Wie bedoel die woordjie *ek* in die eerste sin?
" " " " *ek* " " twede " ?

Die Persoonlike Voorn.w. *ek* in die eerste sin is *manlik*; in die twede sin is dit *vroulik*.

Iemand sê: Ek hou meer van die somer as van die winter.

Wie bedoel *ek* in hierdie sin?

Is die Pers. V.n.w. *ek* hier nou manlik of vroulik?

Ons sien dat die woordjie *ek* sowel manlik as vroulik kan wees; daarom noem ons dit *gemeenslagtig*.

Skryf van die volgende Pers. V.n.w. op, of hulle *manlik*, *vroulik* of *gemeenslagtig* is:

ek, ons, my, hulle, hy, haar, hom, julle, jy, sy, jou, U.

Op hierdie manier:

*Ek* kan manlik of vroulik wees; dit is *gemeenslagtig*.

Ens.

## 13. Die trou Hond.

1. 'n Boer het eendag langs die pad huis-toe gery. Daar kry hy 'n jong hond wat sy baas verloor het. Toe die hond die boer sien, loop hy hom agterna tot by sy huis.

2. Die boer wou hom wegja, maar elke keer kom die hond terug. Eindelik dink die boer: „Ek sal die hond dan maar hier hou".

3. Die hond was bly dat hy 'n goeie plek gekry het. Bedags speel die kinders met hom, en snags pas hy die huis op. Ook sorg hy dat daar geen jakkalse by die hoenderhok kom nie.

4. Wanneer die weer warm is, gaan hy dikwels dam-toe en spring in die water. Hy kon goed swem en het self plesier daarin gehad.

5. Eendag was die kinders by die spruit aan speel. Daar was in die spruit 'n seekoeigat met 'n hoë kliprige wal. Sonder dat die ander kinders dit sien, loop die klein boetie van drie jaar na daardie gat toe. Hy struikel oor 'n los klip en val in die water.

6. Toe hy skreeu, kom die kinders aangehardloop, maar niemand kon die klein boetie daar uithaal nie.

7. Hulle dink dat hy sal moet verdrink. Daarom hard-loop hulle gou-gou huis-toe om hulp te haal. Dadelik kom toe ook hulle pa en ma saam na die gat toe.

8. Maar dink nou: toe hulle nog maar halfpad was, wat sien hulle? Hier kom die klein boetie hulle al te-gemoet. Hy was waternat. Maar ook die hond druip van die water. Hoekom?

9. Toe sê die boer vir sy vrou: „Ek is nou regte bly dat ek toe die hond maar nie weggeja het nie".

Doen hiermee soos met No. 5. Hier is die kort inhoud:

1. 'n Vreemde hond loop eendag met 'n boer saam na sy huis toe.
2. Die boer hou die hond.
3. Die hond pas baie trou op.
4. Hy swem ook dikwels in die dam.
5. Eendag raak die klein boetie in 'n seekoeigat.
6. Die ander kinders kon hom nie help nie.
7. Hulle roep toe vir Pa en Ma.
8. Maar die kind was al deur die hond gered.
9. Toe was die boer bly dat hy die hond gehou het.

14. Vul in:

$1^e$ pers. Enkv.: Onderwerpsvorm *ek*, Voorwerpsvorm *my*.

$2^e$ pers. Enkv.:

$3^e$ pers. Enkv. (manlik):

$3^e$ pers. Enkv. (vroulik):

$1^e$ pers. Meerv.:

$2^e$ pers. Meerv.:

$3^e$ pers. Meerv.:

Vul die volgende in met die Voorn.w. van die $1^e$ pers. Enkv.:

— is in 'n groot moeilikheid. Ma het — na die winkel toe gestuur om stroop te gaan koop. Maar — het nie genoeg geld nie, en die winkelier wil — nie die stroop gee nie. Nou weet — nie wat — moet doen nie.

Skryf dieselfde ook met die Voorn.w. van die $2^e$ pers. Enkv.; ook met die V.n.w. van die $3^e$ pers. Enkv. (manl.); $3^e$ pers. Enkv. (vr.); $1^e$ pers. Meerv.; $2^e$ pers. Meerv.; $3^e$ pers. Meerv.

15. Sit elke slag 'n woord uit die volgende lys in een van die sinne wat hieronder staan, elke woord in die sin waar dit in pas.

span, eskadron, broeisel, skool, jurie, gemeente, kommissie, swerm, ploeg, staf, vloot, patrollie, besending, servies, alfabet.

Die hoof van die skool het met sy .... die rapporte bespreek.
Daar het 'n hele .... perderuiters langs die pad gekom.
Die predikant het die .... baie ernstig vermaan.
Daar was 'n .... van meer as honderd haringskuite op see.
My oom Hein het 'n nuwe .... osse gekoop.
'n Groot .... sprinkane het ons oes verniel.
As jy Grieks wil leer, moet jy begin met die Griekse ...
Die vissers het 'n groot .... haringe gevang.
'n .... werksmanne het die spoorweg weer reg gemaak.
Ons swart hen het 'n .... van elf kuikens.
Die generaal stuur 'n .... uit om die vyand te verken.
Die .... van ons skool bestaan uit sewe lede.
Die winkelier het 'n nuwe .... komberse ontvang.
'n .... van twaalf manne sal oor die moordenaar oordeel.
Hierdie teekoppie behoort by ons nuwe ....

16. Gee die teenoorgesteldes van die kursief gedrukte woorde in die volgende uitdrukkinge:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *vars* brood | — ...... | 'n *ou* man | — ...... |
| *vars* groente | — ...... | 'n *ou* boek | — ...... |
| *vars* vleis | — ...... | 'n *goeie* hond | — ...... |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 'n *goeie* aartappel | — .... | 'n *soet* kind | — .... |
| 'n *regte* stok | — .... | *soet* water | — .... |
| 'n *regte* antwoord | — .... | *soet* medisyne | — .... |
| 'n *skerp* mes | — .... | 'n *groen* perske | — .... |
| 'n *skerp* smaak | — .... | *groen* gras | — .... |
| 'n *diep* dam | — .... | 'n *helder* spieël | — .... |
| 'n *diep* stem | — .... | 'n *helder* lug | — .... |
| 'n *soet* appel | — .... | *helder* water | — .... |

17. Skryf die volgende Selfst. n.w. in die meervoud: swerm, manel, spreeu, notaris, neef, skerm, kommando, oom, sofa, bandiet, stoppel, lemoen, halm, pa, broer, bórsel, kapstok, leeu, stiebeuel, saal, toom, end, skelm, ma, tante, woonhuis, skildery, arm, roer, tuin, piano, klavier, spieël, minister, palm, oribie, sambreel, sekretaris, wurm, kalbas.

18. Hier staan die geraamte van 'n storie. Skryf die storie volledig op.

### Die President gevangegeneem.

Meneer Faure, die President van Frankryk, het eendag op 'n eetmaal gewees. Gaan met die voet terug huis-toe. Skildwag by die hek vra hom die wagwoord. Hy het vergeet om dit te kry toe hy weggaan. Hy sê hy is die President. Soldaat neem hom gevange; bring hom kantoor-toe. Sersjant bring hom by die offisier. Offisier herken hom en vra om ekskuus. President prys die soldaat omdat hy sy plig gedoen het.

19. Skryf die enkelvoude van die volgende Selfst. n. w. daaragter.

nagte, grafte, laste, neste, gesigte, knegte, beeste, hefte, worste, ligte, kragte, feeste, drifte, kaste, berigte, nigte, barste, vragte, korste, gerugte, deugde, vorste, vrugte, hoofde, kwaste, gewigte, kiste, poste, wagte, reste, magte, geregte, geeste, hingste, gedigte.

**20.** Hier staan werkwoorde met die voorvoegsel *ver-*:

*Verbrand* beteken *weg*brand, soos b.v.:

Ek het die ou papiere *verbrand*.

*Versteen* beteken *verander* in steen, soos b.v.:

Die bene van vroeër diere is in die grond *versteen*.

*Vernu* beteken *opnuut* maak, soos b.v.:

Die tyd van die kontrak is om; ons moet dit *vernu*.[1])

*Verguld* beteken met goud *oortrek*, soos b.v.:

Ek het die beeldjie laat *verguld*.

*Verklee* beteken van klere verwissel, soos b.v.:

Ek was vuil van die reis, maar ek het 'n bad geneem en my *verklee*.

Sê nou wat die volgende werkwoorde beteken, en gee van elkeen 'n voorbeeld in 'n sin:

versnel, verja, versilwer, verhuis, verdamp, verglaas, verkook, vergroot, versand, verbruik, verjong, verwater, vernikkel, vervel, vervlieg, verkool, verstuif.

**21.** **Versamelname.**

Die staf van 'n skool is ...............

'n Ploeg werksmanne is ...............

'n Skool haringe is ...................

'n Toneelgeselskap is .................

'n Skaakklub is .......................

1) Met *te* daarvoor sê ons gewoonlik *vernuwe*.

Die Prowinsiale Raad is ...............
'n Ministerie is .......................
'n Jurie is ..........................
'n Sangkoor is .......................
'n Biblioteek is ......................
'n Museüm is .........................
Die Volksraad is ......................
'n Huisgesin is .......................
'n Menigte is .........................
'n Gemeente is ........................
'n Klas is ...........................
'n Leër is ...........................
'n Kommissie is .......................
'n Kommando is ......................

**22.** Is 'n *stoel* manlik of vroulik?

Dit is 'n belaglike vraag, want 'n stoel is 'n lewelose ding; daar is by stoele geen mannetjies of wyfies nie. Daarom sê ons: die woord *stoel* is *onsydig*; daarmee bedoel ons dat dit aan geen van twee kante behoort nie: nie by die manlike en ook nie by die vroulike woorde nie.

Net soos met 'n *stoel,* so is dit ook met al die ander name van dinge. En met name van stowwe, soos melk, water, ens. is dit ook so: algar is *onsydig*.

Maar watter Voornaamwoord gebruik ons in plaas van hierdie woorde? Ons sal sien: lees maar die volgende sinne.

Hierdie stoel is stukkend; *dit* moet reggemaak word.
Hierdie stoel is stukkend; *hy* moet reggemaak word.
Hierdie stoel is stukkend; ek sal *dit* regmaak.
Hierdie stoel is stukkend; ek sal *hom* regmaak.

In die somer bly die melk nie lank goed nie; *dit* word suur.

As ons die melk wil goed hou, moet ons *dit* kook.

Vir 'n *stoel* kan ons sê *dit* en *hy* (of *hom*, as dit die Voorwerp van die sin is).

So kan ons maak met al die name van *dinge*.

Vir die *melk* kan ons net sê *dit*.

So maak ons met al die *stofname*.

Vul in die volgende die regte Voorn.w. in; as dit op twee maniere kan, sit dan die twede tussen hakies daarby.

Ek soek die swart os, maar ek sien .... nie.

Ek soek my pyp; .... is al twee dae weg.

Daardie bruin merrie is so oud, dat ons .... nie meer inspan nie.

Die sop was baie lekker; ons het .... algar opgeëet.

My vulpen skryf nie meer nie; .... is leeg.

Dit is baie mooi boter; wat kos .... ?

Hier is jou lineaal; ek het .... opgetel, want .... het op die grond gelê.

Bettie leer goed; .... sit al in Standaard III.


Die brood is lekker, .... het goed gerys.

Waar moet hierdie blompot staan? Sit .... maar voor die venster.

Rys is teenswoordig duur; .... kos ag dubbeltjies per pond.

Ons kat is nou baie kwaad, want .... het kleintjies; .... verdra nie dat die hond naby kom nie, en daarom hou Prins .... ook maar op 'n afstand.

Annie, sit die jellie in die dispens, anders sal .... smelt hier in die warmte.


NESTLES
MILK.
NESTLES
MILK.

Ons orrel lyk baie dof; ek sal .... moet opvryf, anders sal .... nie meer blink nie.

23. Bekyk die prentjies op bladsy 28, en skryf dan die storie op soos jy dink dat dit gebeur het. Sit self 'n opskrif daarbo.

24. Vul in die volgende elke slag die vereiste Voorn.w. in:

Annie het met 'n bottel na die winkel toe gegaan. Op die pad soheentoe struikel .... oor 'n klip, en die bottel val op die grond. Maar toe .... .... optel, sien .... dat .... gelukkig nog heeltemal heel was.

'n Vrou sê eendag vir die boer wat .... elke môre melk bring: „.... glo dat .... die melk 'n bietjie te veel gewas het, want .... is tog te dun". „Nee", antwoord .... toe, „.... het .... nie gewas nie; .... het maar net die emmer omgespoel".

Martha het 'n mooi klein lammetjie; .... loop orals agter .... aan; .... eet uit .... hand, en .... gaan selfs met .... skool-toe.

Thomas maak eendag 'n klompie kleiosse. Toe maak .... van 'n sigarekissie en 'n paar garetolletjies 'n mooi waentjie. Daar span .... .... toe voor. Sy sussie Lettie speel met die hond. .... loop weg, en die hond loop agter .... aan. Die hond weet nie wat kleiosse is nie; .... trap daarop, en toe was drie van .... stukkend.

Ma vra vir Piet: „In watter winkel het .... die suiker gekoop?" .... antwoord: „By Van Niekerk". „Dan het .... nie goed uitgekyk nie, want kyk hoe sleg is die goed; .... is nie wit nie, .... is amper bruin".

**25.** Sê wat die volgende algar is:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 'n Bakker | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Bakster | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Speler | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Speelster | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Slaper | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Slaapster | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Bedelaar | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Bedelares | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Prater | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Praatster | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Towenaar | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Towenaarster | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Wandelaar | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Wandelaarster | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Hakkelaar | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Hakkelaarster | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Dromer | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Droomster | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Rekenaar | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Rekenaarster | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Sukkelaar | is 'n ...... | wat ...... | |
| 'n Sukkelaarster | is 'n ...... | wat ...... | |

**26.** Hier staan die geraamte van 'n storie. Skryf die storie volledig op.

### 'n Edel Hart.

'n Meneer op straat wil sy skoene laat skoonmaak. Hy roep 'n seuntjie wat skoene poets. Skoenpoetsertjie lyk swak; kom stadig aangesukkel. Ander skoenpoetser kom eerste aangehardloop. Meneer kwaad. Maar twede

seun sê dat Japie pas uit hospitaal kom, en die ander seuns doen elkeen op sy beurt die werk vir hom. Meneer tevrede. Gee 'n sieling, vir elkeen sikspens. Maar twede seun weier, en sê dis algar vir Japie.

27. **Die skool is uit.**

Herklaas gaan eendag met sy sussie Bettie huis-toe. Hy had 'n paar boeke onder sy arm, en Bettie dra die kosmandjie. Toe hulle 'n end geloop het, sê sy sussie: „Herklaas, jy loop te vinnig, ek kan nie byhou nie". „Wag", sê Herklaas, „ek sal jou 'n entjie abba, dan kom ons gou by die huis". Hy neem haar toe op sy rug en abba haar 'n end. 'n Rukkie later sit hy haar weer neer en sê: „So, nou moet jy maar weer self 'n entjie loop. Kyk, daar kom die honde. Hulle het ons al gesien. Gee hulle maar die korsies wat in die mandjie oorgebly het". Bettie doen dit. 'n Paar minute later was die kinders tuis, en kort daarna speel Bettie weer, net asof sy nooit moeg gewees het nie.

Skryf uit hierdie lessie die Persoonlike Voorn.woorde op, en sit by elke V.n.w. van watter geslag dit is, Manl. of Vroul ; ook watter getal, nl. Enkelv. of Meerv.; en dan in watter vorm dit staan, die Onderwerpsvorm of die Voorwerpsvorm. B.v.:

*Hy* — Manl., Enkelv., Ond.vorm.
*Hulle* — Gemeensl., Meerv., Ond.vorm.

28. Skryf die volgende Selfst. n.woorde in die Meervoud:

*a.* dief, brief, druif, lyf, erf, stoof, graaf, golf, wolf, slaaf, kloof, kolf, kuif, gerf, hoef, geloof, duif, nerf.

*b.* stof, sif, aartappellof.
*c.* graf, drif, skrif.
*d.* hoof.

29. *Oom se huis.*

Wat beteken die woordjie *se* agter „oom"?
Dit wil sê dat die huis 'n *besitting* van oom is.

*Tante se tassie.*

Wat beteken *se* agter die woord „tante"?
Dit wil sê dat die tassie 'n *besitting* van tante is.

Onthou:

„Oom se" is die *besitvorm* van „oom".
„Tante se" is die *besitvorm* van „tante".

Maar by vroulike woorde soos „tante" kan ons in plek van „tante *se* tassie" ook sê „tante *haar* tassie".

Die Selfst. naamwoorde het 'n *Noemvorm* en 'n *Besitvorm*; ons maak die besitvorm met *se* agter die woord; maar by vroulike woorde kan ons ook *haar* sê in plaas van *se*.

Skryf nou die volgende stukkie oor, maar sit elke slag as jy kan, die Selfst. n.w. in die Besitvorm; sit by die vroulike woorde die twede Besitvorm ook tussen hakies daarby.

Ons gaan na die koeie van Hendrik kyk. Hulle loop in die kamp van Neef Gert, naby die huis van Oom Jan. Nie ver daarvandaan nie is die koringlande van Oom Jakob en die mielielande van Oom Hein. As ons dit alles gesien het, gaan ons na die huis van Oom Ferdinand toe, om te proe hoe die koffie van Tant Lettie smaak. Daarna gaan ons sien of die waterlemoene van Neef Pieter al ryp is. En dan sal ons probeer om met die kar van Oom Jakob terug te gaan huis-toe, as ons ten

minste die kaffer van Oom kan kry om die kar weer terug te bring.

30. Hier staan Werkwoorde met die voorvoegsel *ont-*. *Ontbrand* beteken *begin* te brand, soos b.v.

Toe *ont*brand die toorn van Moses.

*Ontvlug* beteken *weg*vlug, soos b.v.:

Die dief het uit die tronk *ont*vlug.

*Ontblader* beteken die blare of bladers *wegneem*, soos b.v.:

Die wind *ont*blader die bome.

Sê nou ook wat die volgende Werkwoorde beteken, en gee van elkeen 'n voorbeeld in 'n sin:

ontneem, ontwaak, ontslaap, ontvel, ontgloei, ontroof, ontgaan, ontbolster, ontkom, ontspruit, ontklee, ontdek, ontknoop, ontruk, ontloop.

31. Bekyk die prentjies op bladsy 34 en skryf dan die storie op soos jy dink dat dit gebeur het. Sit self 'n opskrif daarbo.

32. Teken die volgende sinne uit (Onderwerp met Bepalinge, en Gesegde met Bepalinge):

Ons nuwe skool sal môre feestelik ingewy word.


Met die eerste trein vertrek die hele familie na Kaapstad.

In die dieretuin op Pretoria het 'n tyd gelede 'n mooi jong Indiese bergbok aangekom.

In die winter trek baie Hoëveldse boere met hulle vee na die Laeveld toe.

In die Knysnase bosse het kort gelede nog baie wilde olifante geleef.

Met beleefdheid kom 'n mens ver in die wêreld.



Met die hande in sy sakke loop Hans op sy dooie gemak huis-toe.

Die kinders by ons in die skool sing mooi.

By honderde waai die onrype vrugte van die bome af.

Klein Koos van die smid het gister die hele middag aan sy waentjie gewerk.

Op Kaapstad vlak voor die pier staan die standbeeld van Jan van Riebeek.

Verlede week het by ons skielik 'n sware storm met hael en onweer losgebreek.

Doen dit so:

(die) **skool** **sal ingewy word**

ons môre

nuwe feestelik

33. Gee die teenoorgestelde van die Werkwoorde in die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| die perde *aankeer* | — | die perde ....... |
| die koring *saai* | — | ................. |
| iemand *aanspoor* | — | ................. |
| die vuur *aanmaak* | — | ................. |
| geld *ontvang* | — | ................. |
| huise *bou* | — | ................. |
| die blomme *versorg* | — | ................. |
| 'n werk *begin* | — | ................. |
| 'n spel *wen* | — | ................. |
| 'n deur *oopmaak* | — | ................. |
| 'n versoek *toestaan* | — | ................. |
| iemand *seën* | — | ................. |
| 'n boodskap *stuur* | — | ................. |

'n werk *goedkeur* — ................
'n boom *plant* — ................

34. Ontleed die sinne van Oef. 32 ook op die volgende manier:

Skryf eers die Onderwerp op, en daaronder die Bepalinge wat daarby behoort; dan die Gesegde en daaronder die Bepalinge wat daarby behoort; en sit onder die Onderwerp en die Gesegde elke slag 'n streep. B.v.:

| | |
|---|---|
| Skool | — Ond. |
| ons | — Bep. by die Ond. |
| nuwe | — Bep. by die Ond. |
| sal ingewy word | — Ges. |
| môre | — Bep. by die Ges. |
| feestelik | — Bep. by die Ges. |

35. Vul in die volgende sinne die Voornaamwoorde in:

Pa het 'n sak meel gekoop, maar .... is baie duur.

Ons kar is stukkend; .... moet reggemaak word.

Waar moet hierdie stoel staan? Sit .... maar by die tafel.

Ons ou kat het kleintjies, en nou sit .... elke slag en probeer om 'n muis te vang. As .... dan een gevang het, bring .... .... en gee .... vir die kleintjies.

Pa sê hierdie boom staan vir .... te veel in die pad; daarom het Pa vir Jakob gesê dat .... .... moet omkap.

Klein Koos is partykeer die hele môre alleen; as .... .... verveel, dan gaan .... maar lê en slaap. As Bettie dan later tuis kom, maak .... .... wakker. Dan gaan .... met .... speel.

Ons het 'n hen met twaalf kuikentjies. .... loop

met .... in die tuin rond; elke slag as .... 'n korreltjie saad of 'n wurmpie kry, roep .... die kleingoed, en dan kom .... vinnig aangehardloop. Partykeer maak .... 'n hele rusie oor 'n wurmpie, want .... wil .... algar hê.

Hierdie perske is al ryp; .... sal .... maar afpluk; .... is 'n baie goeie soort perskes hierdie; .... wens .... het nog meer van ....

36. Hier staan die geraamte van 'n storie. Skryf die storie volledig op. Sit ook self 'n opskrif daarbo.

................

Valk het sleutel van geldkas gehad. Moet op reis. Gee die sleutel vir die hoenders om te bewaar. Hoenders verloor dit. Krap die grond om dit terug te vind. Valk kom terug. Hy sê hy sal kuikens doodmaak net so lank totdat hulle die sleutel teruggee. Hoenders het dit vandag nog nie gekry nie. Daarom maak valk nog altyd kuikens dood, en hoenders hou nog aan krap.

37. Sit al die Selfst. n.woorde waar *van* voor staan in die volgende sinne oor in die Besitvorm:

Onder hierdie brief staan die handtekening van die minister.

Die kleding van die dame was baie eenvoudig.

Die soldate vertrou op die bekwaamheid van hulle generaal.

Deur die goeie sorg van die dokter het die sieke gou weer herstel.

Die gemeente luister aandagtig na die vermaninge van hulle leraar.

Die menigte het gestaan en wag op die koms van die minister.

Hy het in 'n motorkar na die huis van die Goewerneur gery.

Die walle van die rivier is begroei met bome.

'n Mooi diamant het geblink in die ring van die bruid.

Die miswurms het die wortels van die boom verniel.

Die een poot van my ryperd is seer.

Ons het die hele aand sit en lag om die wonderlike kaskenades van klein Piet.

38. *Die timmerman skaaf die plank.*

Kan die timmerman skaaf as daar niks is wat geskaaf sal word nie?

By wie begin die werk van skawe?

Wat het die plank met daardie werk te maak?

Ons kan sê:

Om te skawe moet daar iemand wees *wat dit doen,* en ook iets *wat geskaaf word.*

Die werk van skawe gaan uit van die man, en dit gaan oor na die plank toe.

Ons noem die W.w. *skaaf* (of *skawe*) *oorganklik,* omdat dit 'n werk noem wat altyd van die werker op iets anders *oorgaan.*

Vul in:

*Die boer maai die koring.*

Die maai gaan van ...... en dit gaan oor na ...... toe; dus is *maai* 'n ...... Werkw.

Doen ook so met die W.w. uit die volgende sinne:

Die perd trek die kar. Ma stryk die linnegoed. Die meid skil die aartappels. Oom Hans slaan die osse. Ek lees 'n mooi boek. Die kinders maak hulle huiswerk.

Die messelaar bou 'n huis. Ons hond byt die kalwers. Die esel skop die hond. Die kaffer dra 'n sak koring. Die jagter skiet 'n tier. Die boer roep sy hond.

39. *My boetie slaap.*

Kan daar iets wees wat geslaap word?

By wie begin die werk van slaap?

Gaan die werk ook op iets anders oor?

Ons kan sê:

Om te slaap is daar alleen maar iemand nodig wat dit doen; daar kan nie iets bykom waar die slaap op oorgaan nie.

Ons noem die W.w. *slaap onoorganklik,* omdat dit 'n werk noem wat nie van die werker op iets anders oorgaan nie.

Vul in:

*Die blomme bloei pragtig.*

Bloei is die werk van die ......, maar dit kan nie op iets anders oorgaan nie; dus is *bloei* 'n ...... W.w.

Doen ook so met die W.w. uit die volgende sinne:

Ons kuikens groei fluks. Die klip val na ondertoe. Hierdie druiwe smaak lekker. Ek sal môre-oggend om vyfuur opstaan. Die perd staan stil. Die son skyn die hele dag. Ons wa het in die modder vasgesteek. Ek sal nog 'n rukkie hier bly. Die voëls vlie vrolik rond. Die koperketel blink somar. Die vyand het gevlug. Die kinders het groot geskrik.

**40.** *Bedrieëry* beteken 'n *gedurige bedrog,* soos b.v.: Eindelik is die man vir al sy bedrieëry gestraf.

*Bakkery* beteken die *werkplaas* van 'n *bakker,* soos b.v.: My buurman, die bakker, laat 'n nuwe bakkery bou.

Dit beteken ook partykeer die *bedryf* van die bakker, soos b.v.:
My buurman het baie geld verdien met sy bakkery.
*Lekkerny* beteken iets *wat lekker is,* soos b.v.:
Frikkedelle is vir my 'n groot lekkerny.

Hier staan nog meer Selfst. n.woorde met die agtervoegsel *-y* of *-ny*. Sê wat hulle beteken, en gee by elkeen 'n sin waarin die woord voorkom:
vleiery, brouery, bedelary, skietery, boerdery, slagtery, bakleiery, sotterny, spokery, leerlooiery, tuindery, woesteny, toordery, spotterny, wamakery, smeëry, raserny.

41. Teken die volgende sinne uit (Ond., Ges., Lyd. Voorw. en Bepalinge by elkeen van hulle):

Die meid van ons buurman vee elke môre om sewe-uur die straatjie voor hulle huis.
In sewe dae het ons perde 'n sak mielies opgeëet.
Al hierdie peerbome het die eienaar van die plaas gedurende vyf jare geplant.
'n Mooi storie hoor die meeste kinders altyd graag.
Nou het ek die ware toedrag van die saak gehoor.
'n Goeie boer pas sy vee behoorlik op.
Daardie mooi boek het ek vanoggend van Pa gekry.
Waar het jy daardie mooi hoed gekoop?
Môre-agtermiddag om drie-uur sal ons predikant die eerste steen van die nuwe kerk lê.
So 'n tamaai groot peer het ek vanmelewe nie gesien nie.
In 'n halfuur het my broer gister honderd koolplantjies in ons tuin geplant.

Vir drie sielings het ek nou die dag op die mark vyftig mooi groot appels gekoop.

42. Bekyk die prentjies op bladsy 42, en skryf dan die storie op soos jy dink dat dit gebeur het. Sit self 'n opskrif daarbo.

43. Ontleed die sinne van Oef. 41 op dieselfde manier soos in Oef. 34; b.v.:


| | |
|---|---|
| Die meid | — Ond. |
| van ons buurman | — Bep. by die Ond. |
| vee | — Ges. |
| elke môre | — Bep. by die Ges. |
| om sewe-uur | — Bep. by die Ges. |
| die straatjie | — Lyd. V.w. |
| voor hulle huis | — Bep. by Lyd. V.w. |

44. *Die kind se kos.* *Die kinders se kos.*
*Die kinders hul kos.*

Hier het jy die besitvorm van „die kind" en ook van „die kinders". In die Meervoud kan ons dit op twee maniere sê, met *se* en met *hul*; maar by name van dinge kan jy alleen maar *se* gebruik.

Sit nou die volgende uitdrukkinge in die besitvorm in die Enkelvoud en ook in die Meervoud. Dink daaraan dat ook die Vroulik Enkelvoud op twee maniere kan gesê word.

Die paleis *van die koning.* Die diamante *van die koningin.* Die toom *van die perd.* Die rug *van die kameel.* Die sorge *van die moeder.* Die kleertjies *van die kind.* Die horings *van die os.* Die vee *van die boer.* Die breiwerk *van die meisie.* Die wortels *van die boom.* Die



steel *van die byl.* Die gereedskappe *van die timmerman.* Die hoed *van die seun.* Die boeke *van die student.* Die werk *van die vrou.*

45. Vul die regte Werkwoord in:

Ons leër het die oorwinning ........

Die vyand het die nederlaag ........

Ons het swaar offers vir ons land ........

As ons in die huis kom, ...... ons ons hoede af.

In 1902 is die Vrede van Vereniging ........

Die skipbreuk van die Haarlem het plaas ...... in 1648.

Ons het ons vrind hartlik vaarwel ........

Die Hollanders het tagtig jaar lank oorlog ...... teen Spanje.

Die smid is besig om ons perde te ........

My vrind het my 'n groot diens ........

My oom ...... 'n groot handel in steenkole.

Die regter het die moordenaar tot die dood .......

Die beul het die moordenaar ter dood ........

Ons maatreëls het die doel ........

Die timmerman het 'n plankvloer in ons huis ........

46. Ons het gesien wat 'n *oorganklike,* en ook wat 'n *onoorganklike* Werkwoord is.

By 'n *oorganklike* W.w. moet altyd twee mense of dinge wees: een wat die werk doen, en een waar dit op oorgaan.

By 'n *onoorganklike* W.w. kan maar een mens of ding wees, nl. alleen die een wat die werk doen.

B.v.:

*Skryf* is *oorganklik,* want die werk gaan van die skrywer oor op die ding wat geskryf word.

*Loop* is *onoorganklik,* want iemand doen die werk, maar dit gaan nie op iets oor nie.

Sê van die W.w. in die volgende sinne of hulle *oorganklik* of *onoorganklik* is; sê elke slag daarby van wie die werk uitgaan, en waar dit op oorgaan.

Jan het 'n mooi opstel geskryf. Pa moet vandag baie loop. Willem het sy les goed geleer. Pa het een van sy perde verkoop. Die vlieë gons deur die kamer. Die visse swem in die rivier. Mina brei 'n paar kouse. Die koppie het omgeval. Die arme sieke kwyn langsaam weg. Ons het twee groot visse gevang. Pa sal hierdie bome omkap. Gert het vyf albasters gewen. Die water stroom deur die voor. Die siek kindjie het gesterf. Die kaffer brei die vel.

47. Hier staan die geraamte van 'n storie. Skryf die storie volledig op Sit self 'n opskrif daarbo.

. . . . . . . . . . .

Stadsjongetjie het in nou straatjie gewoon. Niggie van die plaas vat hom saam. Veld, bome, gras, alles mooi vir hom. Eendag sien hy heelparty blomme tussen die gras. „Pluk hulle maar", sê die nig. „Nee", sê hy, „hulle is mos God syne". Hy wou nie weer terug stadtoe nie. Hy het later een van die vernaamste skilders van Amerika geword.

48. In stede van: „Dit is Jan se hoed" kan ons ook sê: „Hierdie hoed is Jan syne".

In stede van: „Dit is Annie se boek" kan ons ook sê: „Hierdie boek is Annie hare".

In stede van: „Dit is ons wa" kan ons ook sê: „Hierdie wa is ons syne".

Skryf die volgende sinne algar op die twede manier van die voorbeelde hierbo:

Dit is Oom Piet se mooi kar. Daardie ou wa is Hendrik se wa. Dit is Tant Hannie se voorskoot. Dit is ons osse. Daardie esels is hulle esels. Dit is daardie vrou haar mandjie. Hierdie een is Fannie se pen. Daardie breinaalde is Lenie haar breinaalde. Dit is julle kossakkie. Daardie appels is ons appels. Watter een is Hans se perd? Watter een is Sannie se kappie? Dit is Gert Botha van Rietfontein se beeste. Daardie donkies is Krisjan en Hannie se donkies.

**49.** Gee die teenoorgesteldes van die kursief gedrukte woorde in die volgende:

| | |
|---|---|
| 'n *dapper* soldaat | — 'n ............ |
| 'n *vrolike* hart | — 'n ............ |
| 'n *moeilike* werk | — .............. |
| 'n *dowwe* spieël | — .............. |
| 'n *verkwistende* vrou | — .............. |
| 'n *lui* seun | — .............. |
| 'n *nors* antwoord | — .............. |
| 'n *dom* kaffer | — .............. |
| 'n *lewendige* gesprek | — .............. |
| 'n *plesierige* dag | — .............. |
| 'n *onderhoudende* boek | — .............. |
| 'n *koppige* kind | — .............. |
| 'n *nederige* man | — .............. |
| 'n *stil* straat | — .............. |
| 'n *droë* koei | — .............. |

**50.** Noem die Onderwerp van elkeen van die volgende sinne:

*Brutus vermoor Caesar.*

*Die kar word getrek deur die perd.*

In die eerste sin *bedryf* die Onderwerp iets; d.w.s. hy *doen* iets.

In die twede sin *ly* die Onderwerp iets; d.w.s. dit *ondergaan* iets; dit doen nie self iets nie, maar daar word iets aan die Onderwerp gedoen.


Noem die Onderwerp van die volgende sinne, en sê of dit iets *doen* of iets *ondergaan*:

Ons meester onderwys ons.
Die skape word in Oktober geskeer.
Die vuur brand helder.
Lente, somer, herfs en winter volg gereeld op mekaar.
Die ruite is stukkend geslaan.
Die leeu is in 'n net gevang.
In die bos klink die voëlgesang.
Tot in die verste plekke is die blye tyding verneem.
Met blydskap word die oes binnegehaal.
In die hoë bome ruis die wind altyd deur.
So langsamerhand word die hele boek volgeskryf.
In die see swem baie groot visse.

51. Bekyk die prentjies op bl. 47 en skryf dan die storie op soos jy dink dat dit gebeur het. Sit self 'n opskrif daarbo.

52. As die Onderwerp iets *doen,* noem ons dit 'n *bedrywende* Onderwerp, want *bedrywe* beteken *doen;* en die Werkwoord staan dan in die *Bedrywende Vorm.*

As die Onderwerp iets *ondergaan,* noem ons dit 'n *lydende* Onderwerp, want *ly* beteken *ondergaan;* en die Werkwoord staan dan in die *Lydende Vorm.*



*a.* Soek uit die oefening van No. 50 weer die Onderwerpe, en sit elke slag daarby of dit 'n *bedrywende* of 'n *lydende* Onderwerp is.

*b.* Soek ook die Werkwoorde uit daardie sinne, en sit by elke Werkwoord of dit in die *bedrywende* of in die *lydende* vorm staan.

53. Vul die volgende in; maak vir die doel Selfst. n.woorde met die agtervoegsels *-aar, -er, -aard* en *-erd.*

Iemand wat baie *gierig* is, noem ons 'n .......
Iemand wat *reken,* noem ons 'n ..............
Iemand wat *boek hou,* ........................
Iemand wat *grootpraat,* .......................
Iemand wat dikwels *dronk* is, ................
Iemand wat baie *lomp* is, ...................
Iemand wat baie *gulsig* is, ..................
Iemand wat *wandel,* ..........................
Iemand wat *spreek,* ..........................
Iemand wat *leuens* vertel, ....................
Iemand wat baie *lui* is, ......................
Iemand wat *stout* is, .........................
Iemand wat *vals* is, ..........................
Iemand wat *viool speel,* ......................
Iemand wat baie *ryk* is, .....................
Iemand wat iets *teken,* .......................
Iemand wat *handel dryf,* ....................

54. *a.* Die Meervoud van *'n lewendige wese* is *lewendige wesens.* Hier kom dus *-ns* agter.

*b.* Die Meervoud van *stad* is *stede.* Hier verander dus die klinkletter van die woord in 'n *e.*

*c*. Die Meervoud van *kalf* is *kalwers*. Hier kom dus *-ers* agter.

*d*. Die Meervoud van *lied* is *liedere*. Hier kom dus *-ere* agter.

Sit die volgende woorde in die Meervoud; die letters wat vooraan staan, dui aan dat die Meervoud moet gemaak word net soos by dieselfde letters hierbo.

*a*. lewe; gevoele; hawe.

*b*. lid; gebed; skip; waarheid.

*c*. lam; kind.

*d*. gemoed; gelid; goed; volk.

(Let op. Die Meerv. van *volk* is partykeer ook *volke*.)

Vul die volgende sinne in met die Meervoud van die woord wat daarvoor staan:

*gemoed*. Die toespraak van hulle vrind het die opgewonde ...... van die mense tot bedaring gebring.

*gevoele*. Daar is in die vergadering verskillende ...... oor die saak uitgespreek.

*lewe*. By die vreeslike brand het twee mense se ...... verlore gegaan.

*gebed*. Die Here het die vele ernstige ...... vir die herstel van die sieke genadiglik verhoor.

*goed*. Ryk mense moet oppas om nie te veel met hulle hart aan hulle ...... te hang nie.

*waarheid*. Die ou mense het lank oor verskillende ...... uit die Bybel sit en gesels.

*gelid*. Die offisiere het die soldate in drie ...... opgestel.

*lid*. Daar was sowat vyftig ...... van die vereniging op die vergadering teenwoordig.

*volk*. Mog die tyd tog eendag aanbreek dat die ...... van die wêreld nie meer oorlog maak nie.

*hawe.* Suid-Afrika het nie baie goeie ...... vir seeskepe nie.

*skip.* Daar lê baie ...... in die hawe van Kaapstad.

*lied.* Sy het op die fees tog sulke mooi ...... gesing.

*wese.* Alle lewendige ...... moet vroeg of laat sterf.

55. Teken die volgende sinne uit (Ond., Ges., Belangh. V.w., Lyd. V.w., en Bepalinge by elkeen daarvan):

Die kneg van ons bakker stuur gereeld aan sy ou moeder die huur vir haar huisie.

My ou getroue vrind uit Boshof het my dadelik berig van sy eksamen gestuur.

'n Sware haelstorm het die boere in ons distrik groot skade aangedoen.

Gister het ons buurman ons eindelik die geleentheid verskaf om dorp-toe te gaan.

Met die eerste pos sal ek vir jou oom die kennisgewing van die vergadering stuur.

Wanneer sal jy my ooit 'n plesier doen?

Môre-oggend sal ons onderwyser ons 'n mooi storie voorlees.

Ek het die volle waarheid vir julle vertel.

Die baas van die kaffer het vir die sersjant van die poliesie die hele saak laat weet.

Die oudste broer het die gevaarlike ding gou-gou van die klein kindjie afgeneem.

56. Hier staan die geraamte van 'n storie. Skryf die storie volledig op.

**Môre kom nooit nie.**

St. Patrick het al die slange op een na uit Ierland uitgeja. Daardie een het hy gevang; gooi hom in 'n

meer; sit 'n berg bo-op hom; dis nou 'n eiland. Hy beloof hom, as hy stil lê, sal hy hom „môre" uitlaat. Slang neem dit aan. As daar nou storm op daardie meer is, slaan die water teen die eiland. Die boere hoor die slang vra of dit nog nie môre is nie. Tussen die windrukke hoor hulle St. Patrick antwoord, dat dit nie môre is nie; dis nog vandag.

57. Ontleed die sinne van Oef. 55 op dieselfde manier soos in Oef. 34 en 43.

B.v.:

| | |
|---|---|
| Die kneg | — Ond. |
| van ons bakker | — Bep. by die Ond. |
| stuur | — Ges. |
| gereeld | — Bep. by die Ges. |
| aan moeder | — Bel. V.w. |
| sy | — Bep. by die Bel. V.w. |
| ou | — Bep. by die Bel. V.w. |
| die huur | — Lyd. V.w. |
| vir haar huisie | — Bep. by die Lyd. V.w. |

58. *Die kindjie slaap. — Die kindjie slaap nie.*

Die eerste van hierdie twee sinne noem ons 'n *bevestigende* sin. Die twede noem ons 'n *ontkennende* sin.

Die ontkennende woordjie is „nie". Ons sê dit na die Werkwoord. Maar kyk nou hierdie twee sinne:

*Die kindjie slaap rustig.*

*Die kindjie slaap nie rustig nie.*

Hier kom na die woord „slaap" nog 'n ander woord; daarom sê ons die woordjie „nie" nog 'n slag. Dit is dus 'n dubbele ontkenning.

Daar is nog meer van die ontkennende woordjies

soos *nie;* b.v. *nooit, niemand, geen, nêrens.* Ook by hierdie woordjies sê ons nog die woordjie „nie" agteraan.


Hier staan 'n aantal *bevestigende* sinne; maak daar *ontkennende* sinne van, elke slag met die ontkennende woordjie wat tussen hakies daaragter staan.

Piet het iets van die ongeluk gehoor. (niks)
Ek sal die hond laat doodskiet. (nie)
Iemand het my die nuus vertel. (niemand)
Daardie seun het altyd sy werk op tyd klaar. (nooit)
Oom Jan koop ongeleerde perde. (geen)
Koos het iemand op straat hoor sing. (niemand)
'n Mens kan met daardie kyker ver sien. (geen)
Daar het iets besonders gebeur. (niks)
Oom Hendrik kom dikwels by ons kuier. (nooit)
Ek het die verlore horlosie êrens sien lê. (nêrens)
Ken jy iemand wat die slot kan regmaak? (niemand)
Daardie man ken vir jou. (nie)
Die kaffers werk. (nie)
Die kaffers werk hard. (nie)
Weet jy iets van daardie bakleiery af? (niks)
Hulle het my af en toe iets daarvan vertel. (nooit)

**59.** Gebruik die volgende Selfst. n.woorde in goeie sinne:

geleentheid, gesondheid, verwondering, kragsinspanning, geleerdheid, voorbok, verwoesting, blydskap, toekoms, geloof, oorwinning, onderskeid, skade, plesier, regering, stroom, preek, gedagte, verdriet, verstand.

**60.** Bekyk die prentjies op bl. 53. Skryf dan die storie op soos jy dink dat dit gebeur het. Sit self 'n opskrif daarbo.



61. In St. IV het ons al geleer wat die *Onbepaalde Wys* van 'n Werkwoord is. Dit is somar die naam van die werk sonder om daarby te sê wie dit doen of wanneer dit gebeur. B.v.:

Die Onbep. Wys van *ek skryf* en *ek het geskryf* en *ek sal skryf* is *skryf*. Partykeer sê ons voor die Onbep. Wys nog die woordjie *te* of die twee woordjies *om te*. Dus kan ons die Onbep. Wys op drie maniere sê:

*skryf, te skryf* en *om te skryf*.

Ons sal nou sien in watter gevalle ons die Onbep. Wys sê sonder *te* of *om te* daarvoor.

1. As iemand iets *kan, wil, sal, moet, mag, durf* doen; b.v.:
   Ek kan, ek wil, ek sal gehoorsaam *wees*.
   Ek moet, ek mag, ek durf die waarheid *sê*.
2. As iemand iets *gaan, kom, bly* of *leer* doen; b.v.: Ek gaan *slaap*, ek kom *kyk*, ek bly *sit*, ek leer *reken*.
3. As iemand 'n ander iets *sien, hoor*, of *voel* doen; b.v.:
   Ek sien hom *aankom*; ek hoor hom *praat*; ek voel die pols *slaan*.
4. As iemand 'n ander iets *laat, leer, help* doen; b.v.: Ek laat hom *werk*; ek leer hom *lees*; ek help hom *trek*.

Soek uit die volgende sinne die Werkwoorde wat in die Onbepaalde Wys staan en sê daarby waarom hulle in daardie Wys staan. Dink daaraan dat in party sinne meer as een W.w. in die Onbep. Wys voorkom.

1. Ek wil môre gaan vis vang. 2. Sal julle nou ophou? 3. Jy moet gehoorsaam wees. 4. Jy sal vroeg moet

opstaan. 5. Help my bietjie die swaar tafel versit. 6. Ag, laat die tafel maar daar staan. 7. Ek sal vir julle sê wat ons vanaand gaan doen. 8. Die vreemdeling sal bly wees as hy 'n egte Afrikaanse stofstorm kan sien. 9. Hy wil graag die stof so sien waai, dat hy nie die oorkant van die straat kan sien nie. 10. Ek wens dat die kos nou maar gou gaar moet wees. 11. Mog tog die wind maar verander, dat daar reën kan kom. 12. Maar die wind bly maar gedurig uit dieselfde hoek waai. 13. Wat kom jy hier maak? 14. Ek kom hoor of jy nie 'n sak koring wil hê nie. 15. Elke aand na sononder voel ek die koors weer aankom; dan gaan ek maar gou lê en slaap. 6. Ma leer die jong meidjie was en stryk.

Doen dit op hierdie manier:

1. *gaan* — Onbep. Wys, omdat daar *wil* voor staan.
   *vang* — „ „ „ „ *gaan* „ „
2. *ophou* — ...................................

62. Lees hierdie sinne:
   a. *Brutus vermoor Caesar.*
   b. *Caesar word deur Brutus vermoor.*

Wat is die Onderwerp van die eerste sin? Wat van die twede?

Is daar verskil in die betekenis van die twee sinne? Nee; maar by die eerste sin dink ons die meeste aan Brutus, en by die twede sin die meeste aan Caesar.

Is die Onderwerp van die eerste sin bedrywend of lydend? En wat is die Onderwerp van die twede sin?

Staan die Werkwoord van die eerste sin in die bedrywende of in die lydende vorm? In watter vorm staan die Werkwoord van die twede sin?

Ons sien dat in hierdie sinne dieselfde gebeurtenis op twee maniere vertel word: eers in die *bedrywende vorm,* en dan in die *lydende vorm.*

Hier staan 'n aantal sinne in die bedrywende vorm. Verander hulle so dat die gebeurtenis dieselfde bly, maar dat dit vertel word in die *lydende vorm.*

Die drywer slaan die osse.
Jan lê die boek neer.
Baie mense lees die boek.
Maria tel die appel op.
Ma sny smôrens altyd die brood.
Die kleremaker maak my nuwe pak.
Die inspekteur ondervra die kinders.
Die kaffer kap die hout.
Die boer sny die koring.
My Pa skryf die rekening.
Die jongetjies skop die bal oor die veld.
Johanna hoor die geroep van haar Ma.
Niemand glo daardie verhaal nie.
Die briefbesteller bring die koerante rond.
Die kinders lewer elke Maandag die opstelle in.

63. Hier staan 'n aantal Selfst. n.woorde wat gemaak is met die agtervoegsel *-ling.*
*oosterling* beteken iemand wat in die Ooste *tuis behoort.*
*leerling* beteken iemand wat iets *leer.*
*lieweling* beteken iemand vir wie ons *lief*het.

Gaan so verder met die volgende woorde:
stedeling, vreemdeling, sterfling, woesteling, westerling, volgeling, howeling, kleurling, gunsteling, hemeling, kwekeling, dorpeling, verworpeling, bekeerling, beskerm-

ling, nuweling, skipbreukeling, skepeling, drenkeling, swerfling.

64. 1. *Piet kom vanaand vroeg tuis.*
2. *Piet kom vanaand nie vroeg tuis nie.*
3. *Kom vanaand vroeg tuis, Piet!*
4. *Kom Piet vanaand vroeg tuis?*
5. *Mog Piet vanaand maar vroeg tuis kom!*

Die eerste sin is bevestigend, die twede is ontkennend.

Die derde sin noem ons *gebiedend*, want daarmee gee ons 'n gebod wat Piet moet doen.

Die vierde sin is *vraend*; daarin kom die Werkwoord voor die Onderwerp.

Die vyfde sin is *wensend*. Ons maak 'n wensende sin met die Werkwoord *mog* en met die woordjie *maar*. In plek van „maar" kan ons ook „tog" sê; b.v.:

*Mog Piet vanaand tog vroeg tuis kom!*

of met *tog* en *maar* altwee; b.v.:

*Mog Piet vanaand tog maar vroeg tuis kom!*

Hier staan 'n aantal sinne. Maak van elke sin 'n ontkennende, 'n gebiedende, 'n vraende en 'n wensende sin.

Annie gee 'n beleefde antwoord op die vraag.
Môre bring Pa die goed vir die tabberdjies weg.
Hendrik gaan Saterdag die rekenings betaal.
Willem kom binnekort weer na huis toe.
Kleinbooi sit al die dinge op hulle plek.
Jan sal die dam heel maak voordat die reën kom.
Klaas ry môre die hawer mark-toe om te verkoop.

65. Hier staan die geraamte van 'n storie. Skryf die storie volledig op. Sit self 'n opskrif daarbo.

. . . . . . . . . . .

Michiel de Ruyter beroemde Hollandse admiraal. Eers maar kaptein op 'n handelskip. Eendag skip gelaai met Ierse boter. Storm. Skuil in hawe van Plymouth. Hoor dat daar Spaanse seerowers in die Kanaal is. Wil tog huis-toe vaar. Seerowers agter hom aan. Kom nader. Matrose bang. Hy laat van die boter haal. Smeer dit op dek, borswering en touwerk. Seerowers klamp skip aan. Spring oor. Gly rond. Val op dek of in see. Middel van die dek nie gesmeer nie. Hollanders staan vas. Steek Spanjaarde dood. Seerowers eindelik bang. Seil weg.

**66.** *Die kaffer kap die hout.*

Wat is die Onderwerp? *Die kaffer.*

Wat is die Lyd. Voorwerp? *Die hout.*

*Die hout word gekap deur die kaffer.*

Wat is nou die Onderwerp? *Die hout.*

Is dit 'n Bedrywende of 'n Lydende Onderwerp?

In die eerste sin was *die hout* die Lydende *Voorwerp.*

In die twede sin is *die hout* die Lydende *Onderwerp.*

Dus die Lydende *Voorwerp* van die bedrywende sin het die Lydende *Onderwerp* van die lydende sin geword.

Maar wat het daar gebeur met die Onderwerp van die bedrywende sin? Laat ons die lydende sin uitteken:

**Die hout** word gekap

deur die kaffer.

In plaas van „die kaffer" sê ons nou „deur die kaffer", en dit is 'n Bepaling by die Gesegde.

Teken die bedrywende sinne van Oef. 62 uit, en teken agter elkeen daarvan ook die lydende sin uit wat jy daarvan gemaak het.

67. *Piet kom huilende tuis.*
Dit beteken: Piet kom tuis, terwyl hy ......
Watter soort woord is „huilende"?
Waarvan is dit gemaak?

*Daar loop 'n paar moeders met huilende kinders.*
By watter woord behoort hier die woord „huilende"?
Is „huilende" nou ook 'n Werkwoord?
Watter soort woorde behoort by 'n Selfst. n.woord?
Watter soort woord is dan hier die woord „huilende"?
In die eerste sin is „*huilende*" 'n Werkwoord.
In die twede sin is „*huilende*" 'n Byvoegl. woord.
Ons sien dus dat die woord „*huilende*" soms 'n Werkwoord is, en soms 'n Byvoegl. woord. Daarom noem ons dit 'n *Deelwoord,* dit is: 'n woord wat aan twee werksaamhede deelneem.

Soek die Deelwoorde uit die volgende sinne uit; skryf by elke Deelwoord, van watter Werkwoord dit gemaak is, en sit elke slag ook daarby of dit die geaardheid van 'n Werkw. of van 'n Byvoegl. woord het.

'n Mens moet geen slapende honde wakker maak nie.
Al pratende stap ons so stadigaan huis-toe.
Hygende en swetende kom Jan aangehardloop.
Daar was 'n groot geraas van blêrende skape, knorrende varke en kekkelende hoenders.
Laggende en baljarende gaan die kinders skool-toe.
Blaffende honde byt nie.

Ek het 'n stekende pyn in my sy.

Al buigende kom die vreemdeling die kamer in.

Jesus het die land deurgetrek, predikende en goed doende.

Ek kyk na die bloeiende rose.

My seun hou baie van bont en skreeuende kleure.

Moenie 'n brandende vuurhoutjie somar weggooi nie.

'n Jong leeu het Simson brullende tegemoet gekom.

B.v.:

*slapende,* van *slaap,* het die geaardheid van 'n Byvoegl. woord.

*pratende,* van *praat,* het die geaardheid van 'n Werkw.

68. Gee die teenoorgesteldes van die volgende Selfst. n.woorde:

vrindskap, liefde, vooruitgang, geduld, wins, bedrog, opregtheid, krag, vreugde, oorlog, lig, eer, gevaar, arbeid, versadigdheid, hoogmoed, werksaamheid, voorspoed, geur, rykdom, begin, gebrek, deug, stilte, geboorte.

69. *Hans, maak toe die deur!*

Dit is 'n gebiedende sin. Maar as Hans nie die deur moet toemaak nie, hoe sê ons dan? Ons sê:

*Hans, moenie die deur toemaak nie!*

Dus gebruik ons hiervoor die woord „moenie"; dit is 'n verkorting van „jy moet nie".

Maak die volgende sinne ontkennend: [1])

Weet jy wat 'n nuwe ploegskaar kos?

Ek kan goed verstaan wat jy sê.

Mog die ou man tog maar iets van die saak hoor. (niks)

---

1) Die onderwyser geliewe daarop attent te maak dat die twede ontkenningswoord altyd agteraan moet staan, selfs in samegestelde sinne, tensy die sin daardeur onduidelik of lomp sou word.

Sal julle meisies nou ophou met terg?
Betaal alles voordat die maand om is.
Jy het alles gesien wat hy die aand gedoen het.
Verstaan jy wat ek daarmee bedoel?
Sal die Hotnot die perde dorp-toe kan bring?
Maak altyd soos Hendrik vir jou sê.
Daar is 'n beter storieboek as daardie.
Het jy ooit gehoor dat Jan sy broer help met sy somme?
Mog daar tog maar gou 'n end aan die reis kom.
Ek het lus om vanaand uit te gaan. (geen)
Vertel vir Oom Karel alles wat jy daarvan weet.
Koop alles wat jy graag wil hê.

70. Bekyk die prentjies op bl. 62. Skryf dan die storie op soos jy dink dat dit gebeur het. Sit self 'n opskrif daarbo.


71. Kyk na hierdie twee sinne:
*Die perd word deur die man geslaan.*
*Die man slaan die perd.*

Sê of die Onderwerp in elke sin bedrywend of lydend is. In watter vorm staan die Werkwoord in elke sin?

*word geslaan* is die *Lydende Vorm.*
*slaan* is die *Bedrywende Vorm.*

Ons kan 'n Lydende sin in 'n Bedrywende sin verander, terwyl die betekenis van die sin dieselfde bly.

Verander die volgende sinne sodat hulle in die Bedrywende Vorm kom te staan:
Die bok word deur die jagter geskiet.
Die klas word deur die meester of juffrou onderwys.
Tafels word deur skrynwerkers gemaak.
Al die gevangenes word deur die wrede vyand doodgemaak.



In 1492 is Amerika deur Columbus ontdek.
By die Thermopylae is deur die Grieke 'n groot slag gelewer.
My broer is deur die Inspekteur oorgeplaas.
Was jou hande deur die dorings stukkend gekrap?
Die vlag is deur die oproermakers neergehaal.
Die boek „Robinson Crusoe" is deur Daniel Defoe geskryf.

## 72. Smiddags in die tuin.

Koos is druk besig met werk. Hy maak bedde vir die blomme, hy spit en graaf, en hark die kluite fyn. Hy saai die saad, en klop met die plat kant van die graaf op die los grond. Hy giet ook water. Hy trek die onkruid uit, knip die gras, en bring al die vuilgoed op die mishoop. Hy steek die rande langs die paaie glad. So werk hy die hele middag. Daarna bêre hy die gereedskap weer mooi weg.

*Wat Koos vertel.*

Koos is net klaar. Daar kom sy Pa tuis en vra: „Koos, hoe lyk jy dan so warm? Wat het jy gedoen?"
Nou vertel Koos van al sy werk. Hy sê:
„Ek het hard gewerk. Ek het bedde vir.........."

Skryf alles op wat Koos vertel. Moenie iets vergeet om op te noem nie.

73. *Ek skryf.* Dit noem ons die *Teenwoordige Tyd* van die Werkwoord *skryf.*
*Ek het geskryf.* Dit noem ons die *Verlede Tyd* van die Werkwoord *skryf.*

Maar let nou mooi op.

Gisteroggend het daar twee dinge gebeur. Die eerste ding was: *Hans het twee briewe geskryf.* Die twede ding was: *Ek het by Hans gekom.* Nou dink ek aan die oomblik toe ek by Hans gekom het, en ek sê:

*Gisteroggend toe ek by Hans kom, het hy al twee briewe klaar geskryf.*

Maar party mense sê dit 'n bietjie anders [1]):

*Gisteroggend toe ek by Hans kom, had hy al twee briewe geskryf.*

Waarom sê hulle dan, „hy *had* geskryf"? Omdat dit al klaar was toe ek by Hans gekom het. Die oomblik toe ek by Hans gekom het, is reeds 'n Verlede Tyd, en die skrywe van die briewe was nog vroeër. Daarom noem ons dit die *Voorverlede Tyd.* Hoe word die Voorverlede Tyd van 'n Werkwoord gemaak?

Hieronder staan elke keer twee dinge wat gebeur het; die eerste ding was al klaar, toe die twede ding gebeur. Maak daarvan sinne met die Voorverlede Tyd. Noem in die sinne 'n tyd (b.v.: gister, of verlede week, of enige ander tyd wat al verby is).

Jy kan elke sin op twee maniere sê soos jy in die voorbeeld onderaan kan sien.

Ek trek aan — die son kom op.
Oom Piet stuur die wa weg — ek kom by sy huis.
Die kaffer melk die koeie — Hans staan op.

---

1) *Noot vir die Onderwyser.* Die onderwyser geliewe die volgende te vergelyk met die Grammatika vir die Afr. Taaleksamen van die Natalse Saamwerk Unie (Kyk by *Vervoeging,* Opmerking No. 3). In plaas van die naam „Volmaak Verlede Tyd" gebruik ons die naam „Voorverlede Tyd", wat duideliker is. Ons volg hierin die Franse benaming „Passé antérieur".

Vgl. ook De Bussy se *Afrikaanse Spraakkuns* deur Van Oostrum en Kritzinger, §§ 182 en 186.

Ons haal die kar uit die modder — Klaas kom daarby.
Ek betaal die vorige dag die skuld — die man stuur die rekening.
Hulle hou op met werk — die ongeluk gebeur.
Gert ploeë sy land — ek begin met myne.
Ek plant al my kool — Dirk spit nog maar sy tuin om.
Tant Hannie skink die koffie in — ons kom uit die kerk.
Hy verloor twee pond — ons wil hom die speel belet.

Hier is 'n voorbeeld:
*a.* Ek had die môre al klaar aangetrek, toe die son opkom.
*b.* Toe die son die môre opkom, had ek al klaar aangetrek.

74. Iemand wat in *Potchefstroom* tuis hoort, is 'n *Potchefstromer.*
Iemand wat met 'n *masien* werk, is 'n *masinis.*
Iemand wat in *Japan* tuis hoort, is 'n *Japanees.*
Iemand wat 'n *winkel* hou, is 'n *winkelier.*

Watter agtervoegsels is hier gebruik?

Sê wat die volgende woorde beteken:
Soutpansberger, telegrafis, tuinier, Ventersdorper, Sjinees, koetsier, orrelis, Nataller, Kalvinis, Stellenbosser, Genuees, violis, herbergier, Amsterdammer, Boedis, kruidenier, pianis, Middelburger, fluitis, Indiër.

75. *Pa het die hele dag geploeë.*
*Daardie geploegde land behoort aan Oom Piet.*
Hier het ons weer 'n Deelwoord, nl. die woord „geploeë", want dis ook 'n woord wat deelneem aan tweeërlei werk.

Watter soort woord is „geploeë" in die eerste sin?
En watter soort is „geploegde" in die twede sin?

Soek uit die volgende sinne die Deelwoord uit, en doen daarmee dieselfde as in Oef. 67.

Ek het 'n uur lank gereken.
Ma het eiers gekook.
Ek hou baie van 'n saf gekookte eier.
'n Gebarste spieël lyk nie mooi in 'n kamer nie.
Die Gibeoniete het vuil geskeurde klere en ou verslyte skoene aangetrek.
Pa het 'n nuwe hoed gekoop.
Ons het lank op 'n saaiplaas gewoon.
Daar staan 'n bordjie met gesnyde koek.
In hierdie stad is 'n pragtig aangelegde park.
Ons het al die ingemaakte vrugte opgeëet.
Daar sit jy nou met jou gebakte pere.
Dit het ek nooit geweet nie.

**76.** Die volgende stukkies staan in die Omgesette Woordskikking. Julle weet mos nog uit St. IV, dat die Onderwerp vooraan behoort te staan, en as dit nie so is nie, noem ons dit die *Omgesette Woordskikking*.

Sit die stukkies oor in die *Regte Woordskikking*.

1. Orals in die tuin rond ruik jy sering en roos.
2. Baie jare al gelede lê jy op die solder daar.
3. Daar op die vyboom sit die vabond.
4. Met sy ronde oë maak hy die spinnekoppe algar bang.
5. Nie altyd het jy die son gewaar nie.
6. Met 'n lag op sy mond het hy bruilof gevier.

7. Hierbinne gooi my kers sy skyn.
8. Teen die donker lug se agtergrond sien hulle 'n donker tentespits.
9. Met assegaai het op sy skild driekeer geklop vors Tsjaka, en gedonder. [1])
10. Na nagte van bangheid kom troostende lig.
11. Daar naby die kraal op 'n kafhoop het my kindjie gespeel.
12. Oor die grassaad ruis jou voetjies.
13. In die jare ver verby het die volkies graan gery na die varsgesmeerde vloer van elke graan- of koringboer.
14. Maar saans sit graag in ronde ry rondom die vuur, digby of verderaf, die jongvolk.
15. Honderde jare het hier gehuis springbok en ribbok die grasveld oor.

**77.** Skryf die Byvoeglike woorde wat in die volgende uitdrukkinge tussen hakies staan, in die regte vorm, nl. met of sonder *e* daaragter. Let ook op vir die van hulle waar behalwe 'n *e* nog 'n ander letter agteraan moet kom, of waarvan die laaste letter moet verander word. En woorde soos *silwer,* wat die stof noem, waarvan iets gemaak is, moet aan die S.n.w. vasgeskryf word.

'n (silwer) horlosie; 'n (wild) wêreld; 'n (sag) bed; 'n (doof) man; 'n (sterk) tou; 'n (blou) klip; 'n (lelik) woord; 'n (uitgesoek) vrug; 'n (donker) wolk; 'n (arm) man; 'n (edel) vrou; 'n (kwaai) hond; 'n (geel) slang; 'n (skimmel) perd; 'n rooi (blom); 'n (skurf) rand; 'n (kou) winter; 'n (leeg) dam; 'n (koper) ketting; 'n (rond) bord; 'n (goed) les; 'n (sleg) tand; 'n (saf)

---

[1]) Leipoldt.


perske; 'n (los) riem; 'n (lui) esel; 'n (droog) spruit; 'n (woes) wêreld; 'n (Frans) sendeling; 'n (bitter) pil; 'n (groter) stal; 'n (bewerk) land; 'n (gelukkig) huisgesin; 'n (seer) keel; 'n (skerp) naald; 'n (laf) grap; 'n (lig) vrag; 'n (vreemd) land; 'n (ferweel) tabberd; 'n (kort) storie; 'n (kaal) vlakte.

78. Bekyk die prentjies op bls. 69. Skryf dan die storie op soos jy dink dat dit gebeur het. Sit self 'n opskrif daarbo.

79. Maak goeie sinne met die volgende woorde daarin: onbegryplik, voldoende, onderskeid, snelheid, plotseling, radeloos, reparasie, byeenkoms, senuweeagtig, siekerig, liggelowig, listigheid, intussen, inkennig, gruwelik, gulsigheid, gunsteling, ekskuus, eenparig, diewebende.

80. Die volgende Selfst. n.woorde is elkeen van twee woorde gemaak. Skryf daardie twee woorde elkeen apart; b.v.:
*landbougereedskap*, van *landbou* en *gereedskap*.

mielieboer, seepfabrikant, steenoond, winterlandskap, tentoonstellingsgronde, brandspuit, brandspuitslang, winkelbediende, houtwerk, houtwerkonderwyser, toorlantern, toorlanternplaatjies, houtskool, houtskooltekening, kerkhof, kerkhofblomme, lewensversekering, lewensversekeringmaatskappy, spieëlglas, spieëlglasfabriek, sandsteen, sandsteenformasie, beetwortel, beetwortelsuiker, beetwortelsuikerfabriek, houtsaery, stoomhoutsaery, sprinkaanvoël, tekenpotlood, lugskip, lugskeepvaart, skeepvaart, posseël, posseëlversamelaar, reënjas, aartappel, aartappelmoer.



81. *a.* Die Werkw. *ploeë* het twee Deelwoorde:
*ploeënde* en *geploeë.*

Noem ook die twee Deelwoorde van:
sing, skryf, wandel, praat, hoor, kap, saai, druk, breek, leef, swem, sterf, roep, lag, speel.

*b.* As ek praat van *ploeënde* osse, bedoel ek dan dat die werk al klaar is, of dat dit nog aan die gang is?
En as ek praat van die *geploegde* land, bedoel ek dan dat die werk al klaar is, of dat dit nog aan die gang is?

*Ploeënde* wil sê dat die werk *aan die gang* is.
*Geploeë* „ „ „ „ „ *al klaar* is.
Die eerste is nog *onvoltooid,* die twede is al *voltooid.*
*Ploeënde* is die *Onvoltooide Deelwoord* van *ploeë.*
*Geploeë* is die *Voltooide Deelwoord* van *ploeë.*

Soek uit die volgende stukkie die Deelwoorde uit en sit agter elke Deelwoord of dit *onvoltooid* of *voltooid* is, en van watter W.w. dit gemaak is.

'n Brand.

Gister is ons plotseling opgeskrik deur 'n groot rumoer in die straat. Ons hardloop somar na buitetoe, en toe sien ons dat 'n huis in brand staan. 'n Brandende lamp het omgeval en alles aan die brand gesit. Toe ons daar kom, het die bewoners al 'n heelparty dinge na buitetoe gebring. Al die geredde goed staan 'n entjie daarvandaan, maar party van die dinge het deur die haastigheid stukkend gebreek. Daar staan 'n katel met 'n geskeurde bed daarop; 'n hinkende tafel met drie pote, want die vierde poot was afgestamp, 'n

leuningstoel met 'n neerhangende arm, en verskeie ander min of meer beskadigde meubels. 'n Hond kom met 'n half verstikte kleintjie aangedra, en gaan dadelik weer in die brandende huis om nog een te haal. Ondertussen doen 'n aantal manne al hygende en swetende hulle bes om water op die vuur te gooi; maar dit het seker 'n halfuur geduur eer die brand geblus was; en toe was die vernielde huis met sy uitgebrande kamers tog te aaklig om aan te sien.

82. Sit die volgende in die Verl. Tyd. Die Werkwoorde waar (2) agter staan, kan jy op twee maniere in die Verl. Tyd sê:

ek lees, jy praat, hy is (2), sy loop, ons wil, julle speel, hulle skryf, ek sal, jy pla, hy proe, sy kan, dit reën, ons kyk, julle moet, hulle kuier, ek wag, jy het (2), hy kruip, sy lag, dit hael, ons weet (2), julle ry, hulle drink, ek droom, jy sing, hy dink (2), sy slaap, ons word (2), julle hoor, hulle kom, ek mag.

Skryf nou apart die Werkwoorde uit die bo-staande op, wat hulle Verlede Tyd nie met *het* maak nie.

83. Skryf 'n opstel oor een van die onderwerpe wat op bls. 129 aan die end van die boek onder die letter A staan.

84. Hier is 'n sin:

*Die hond blaf.*

Wat is die Onderwerp? Wat is die Gesegde?

Ons sal by die Onderwerp en die Gesegde altwee 'n Bepaling byvoeg:

Die *ou* hond blaf *luid*.

Tot watter soort woorde behoort *ou?* Waarom?

„ „ „ „ „ *luid?* Waarom?

Die Bepaling by die *S.n.w. hond* is 'n Byvoegl. woord.

„ „ „ „ *W.w. blaf* „ „ Bywoord.

Daarom noem ons *ou* 'n *Byvoeglike* Bepaling, en *luid* 'n *Bywoordelike* Bepaling.

Onthou:

By 'n *Selfst. n.woord* kom *Byvoeglike* Bepalinge.

„ „ *Werkw.* „ *Bywoordelike* „

Ontleed die volgende sinne, en sit by die Bepalinge nie somar „Bepaling by die Ond. of Ges. of Voorwerp" nie, maar voeg daar nog by of dit 'n *Byvoeglike* of 'n *Bywoordelike* Bepaling is. B.v.:

*Die arme kindjie van ons wasmeid skreeu van honger.*

| | |
|---|---|
| Die kindjie | — Ond. |
| arme | — Byvgl. Bep. by die Ond. |
| van ons wasmeid | — Byvgl. Bep. by die Ond. |
| skreeu | — Ges. |
| van honger | — Bywl. Bep. by die Ges. |

Die sagte reën dring diep in die grond in.

'n Goeie woord vind gewoonlik 'n goeie plek.

Die arme seun het meestal te min kos gekry.

Elke slag probeer my broer daardie swaar som.

Die seuntjie van ons buurman het gister by die voetbalspel sy arm gebreek.

Die kinders van St. VI het hulle onderwyser op sy verjaarsdag 'n mooi vulpen met goue bandjies gegee.

Die kortste pad na Natfontein loop deur 'n nou kloof.

Ek ontmoet gister by die kerk 'n ou heer met 'n grys baard.

Die onhandige kaffer het gister 'n mooi porseleinvaas gebreek.

Verlede Dinsdag het my ou koei 'n pragtige verskalf gekry.

Die hael van gistermiddag het op Rietpan al die pragtige mielies heeltemal verniel.

Oormôre sal die kinders van St. V en VI in die groot saal van die skool 'n mooi konsert gee.

85. Gee die teenoorgesteldes van die volgende uitdrukkinge.

Ek het 'n sieling *gewen* — Ek het ...............
Ek het 'n sieling *gevind* —
Die regter het die beskuldigde *veroordeel* —
Oom Piet *verwaarloos* sy tuin —
Die huis word *gebou* —
Die voor word *toegestop* —
Die boere *saai* hulle koring —
Hy het sy woord *gebreek* —
Hy het sy stoel *gebreek* —
Die maan *kom op* —
Ek het die vuur *aangesteek* —
Daardie kind *huil* altyd —
Die trein *vertrek* om tienuur —
Die bottel *dryf op* die water —
Die vergadering word *geopen* —

86. Lees hierdie sin, en bekyk dit goed:
*Salomo sê: „Hoogmoed kom voor die val".*

Hoeveel woorde in daardie sin is woorde van Salomo?
Herhaal die woorde van Salomo.
Merk op: Agter die woord „sê" staan 'n dubbele

punt (:), en die woorde van Salomo staan tussen aanhalingstekens. Die aanhalingstekens bestaan uit twee kommas onderaan voor die eerste woord, en twee kommas bo na die laaste woord. Die eerste een van Salomo se woorde word met 'n hoofletter geskryf.

Lees en bekyk nou die volgende:

„Lafaards sterf baiekeer voor hulle dood", sê die digter.

Watter woorde in hierdie sin het die digter nie gesê nie?

Let op dat in hierdie sin geen dubbele punt staan nie, maar 'n komma agter die laaste woord van die digter.

Sit die nodige leestekens in die volgende sinne:

Ek sal geen nonsens verdra nie antwoord die ou man

Het julle algar al 'n kop koffie gehad vra die gasheer aan sy gaste

Ons meester het altyd gesê kinders julle moet nooit teveel van julleself dink nie

Die Fariseërs het vir die mense opgestook dat hulle moes skreeu laat Hom gekruisig word

Waar is die sleutel van die kassie vra Pa

Ma antwoord kyk bietjie of dit nie in daardie blou koppie lê nie

Wat kom jy hier maak vra die man aan die kaffer

Baas ek kom werk soek sê hy

Toe vra die man verder wat wil jy verdien

Vier pond tien in die maand antwoord die kaffer

Sal jy nie liewer veertig pond tien vra nie spot die man

Die kaffer merk die spottery en sê nee baas maar ek sal met drie pond tevrede wees

Die soldate word somar opgewonde en roep drie hoera's vir ons generaal

Wat kan ek arme vrou tog doen kla die moeder

Die seun kom tuis en sê pa kan ek vanmiddag met Koos hulle gaan visvang

87. Iemand wat op *Parys* woon, is 'n *Parysenaar.*
Iemand wat op *Pretoria* woon, is 'n *Pretoriaan.*
'n Afstammeling van *Israel* is 'n *Israeliet.*
'n Volgeling van *Luther* is 'n *Lutheraan.*

Die woorde *Parysenaar, Pretoriaan, Israeliet* en *Lutheraan* is gemaak van die woorde *Parys, Pretoria, Israel* en *Luther.* Hoe is hulle daarvan gemaak?

Sê wat die volgende woorde beteken:

Kapenaar, Amerikaan, Paarliet, Wesleyaan, Italiaan, Egiptenaar, Ismaeliet, Hagenaar, Kimberleyaan, Midianiet, Londenaar, Moabiet, Gentenaar, Samaritaan, Leviet, Mahomedaan.

88. **Wat Koba doen.**

Ma gaan na Tant Bettie toe om te kuier. Intussen doen Koba al die werk. Sy was die borde en droog hulle af; sy vryf die tafel mooi op en vee die vloer. Ook stop sy die kouse en vou die linnegoed op; dan bêre sy dit weg. Daarna gaan sy die blomme water gee. Sy gaan ook die hoenders kos gee en die eiers uit die hok haal. En eindelik kook sy die water vir die koffie.

Vertel dit algar net asof dit nog moet gebeur. Begin maar op hierdie manier:

**Wat Koba sal doen.**

Ma is van plan om agtermiddag by Tant Bettie te gaan kuier. Dan sal Koba intussen al die ...........

**89.** Skryf 'n opstel oor een van die onderwerpe wat op bls. 129 aan die end van die boek onder die letter B staan.

**90.** *Hulle slaan die hond.*
*Die hond word geslaan.*

Die eerste van hierdie twee sinne is bedrywend; die ander een is lydend. In watter tyd staan altwee sinne?

Hier kom die eerste sin in die Verlede Tyd:

*Hulle het die hond geslaan.*

Hoe moet ons nou die ander sin sê? Natuurlik ook in die Verlede Tyd:

*Die hond is geslaan.*

Hierdie sin behoort eintlik te wees: *Die hond is geslaan geword*; maar ons laat die woord „geword" altyd weg en sê net:

*Die hond is geslaan.*

Sit die sinne van No. 62 in die Verlede Tyd, en bring hulle dan in die Lydende Vorm oor, ook in die Verlede Tyd.

**91.** Jan *skryf.*
Jan *skryf mooi.*
Jan *skryf met 'n potlood.*

In die eerste van hierdie sinne is geen Bepaling nie.
In die twede sin is 'n Bep. by *skryf*, nl. *mooi.*
„ „ derde „ „ „ „ „ *skryf*, nl. *met 'n potlood.*

Die eerste Bepaling is maar een woord; die twede Bep. bestaan uit drie woorde wat by mekaar behoort. Ons noem die eerste 'n *Eenvoudige Byw.l. Bep.*, en die twede noem ons 'n *Byw.l. Bepalende Uitdrukking.*

Ontleed die volgende sinne, en sit by elke Byw.l. Bepaling of dit 'n *Eenvoudige* B.w.l. Bep., of 'n B.w.l. Bepalende *Uitdrukking* is. B.v.:

*Piet kan met sy rekker ver skiet.*

| | |
|---|---|
| *Piet* | — Ond. |
| *kan skiet* | — Ges. |
| met sy rekker | — B.w.l. Bep. Uitdr. by die Ges. |
| ver | — Eenv. B.w.l. Bep. by die Ges. |

Die perd byt gedurig in die krip.
Môre gaan ons na Tant Alie.
Die wa het gister somar in die spruit vasgeval.
Die osse het dit met groot moeite daaruit getrek.
Ma skryf Sondags gereeld aan Boet Hans.
Jan ry partykeer te perd oor die berg.
Die slang wou my in die been byt.
Hannie speel saans op die klavier.
Partykeer ry ek met Oom Hans saam.
In die winter gaan die son saans vroeg onder.
Op hierdie plek het ek 'n tydjie gelede lelik geval.
By die laaste resies het Boet Gert met sy jong perd fluit-fluit gewen.

**92.** Sê wat die volgende persone is:

| | |
|---|---|
| 'n Leuenaar is ........ | 'n Violis is ........... |
| 'n Koetsier is ......... | 'n Piekenier is ........ |
| 'n Winkelier is ........ | 'n Wildskut is ........ |
| 'n Eksaminator is ..... | 'n Fluitis is .......... |
| 'n Kanonnier is ....... | 'n Orrelis is .......... |
| 'n Stuurman is ........ | 'n Kondukteur is ...... |
| 'n Handlanger is ...... | 'n Telegrafis is ........ |
| 'n Trompetter is ...... | 'n Wewenaar is ....... |
| 'n Jagter is ............ | |

## 93. 'n Afspraak.

Hein, Gert, Annie en Lenie staan by mekaar en praat. Môre kry hulle 'n dag vakansie, en dan wil hulle vier gaan piekniek. Die eerste vraag is nou, waar hulle dit sal doen. Na 'n rukkie heen en weer praat, kom hulle ooreen dat hulle na die bos by die spruit toe sal gaan. Annie belowe dat sy vir haar Ma sal vra om 'n keteltjie en 'n paar koppies, en Lenie sal koffie, suiker en melk saambring. Elkeen sal vir sy eie kos sôre, en die twee jongetjies sal alles dra. Verder kom hulle ooreen dat Hein en Gert vistuig sal saambring om vis te vang, en Annie sal probeer om 'n pan te kry. Dan sal hulle die visse op die plek braai, en by hulle brood eet. Hulle het groot verwagtings van die plesier wat hulle sal hê. Maar ek glo ons kry reën, en dan kom daar van die piekniek glad niks.

Vertel dit net asof dit verlede week gebeur het; begin op hierdie manier:

### 'n Afspraak.

Hein, Gert, Annie en Lenie het verlede Dinsdag by mekaar gestaan en praat. Die volgende dag s.... hulle vakansie hê en dan w.... hulle vier gaan piekniek. Die eerste vraag w.... nou, waar hulle dit s.... doen. Na 'n rukkie heen en weer praat het hulle ooreengekom dat hulle na die bos by die spruit s.... gaan. Annie het belowe ........ ens.

Verander die laaste sin so:

Maar die volgende dag het dit gereën, en so het daar van die piekniek glad niks gekom nie.

94. *'n Ruigharige hond is 'n hond met ruie hare.*

Vul so ook die volgende in:

'n Aghoekige figuur is ............
'n Styfhoofdige seun is ...........
'n Goedwillige meisie is ..........
'n Stompsinnige leerling is ........
'n Koudbloedige dier is ..........
'n Boosaardige kaffer is ...........
'n Dikhuidige soogdier is .........
'n Drielettergrepige woord is ......
'n Droefgeestige man is ..........
'n Dubbelsinnige antwoord is .....
'n Eentonige lied is ..............
'n Eiesinnige kind is .............
'n Goedgelowige hoorder is .......
'n Geheimsinnige mededeling is ...
Twee gelykvormige figure is ......
'n Goedaardige sweer is ..........
'n Kwaadaardige siekte is .........
'n Honderdjarige boom is .........
'n Lafhartige soldaat is ...........
'n Viervleuelige insek is ..........

95. 'n versoek, 'n bevel, vorderinge, 'n poging, 'n vergelyking, 'n aanbieding, moeite, 'n voorbeeld, ons bes, 'n teken, 'n boodskap, 'n buiging, 'n sein, 'n aanval, 'n verowering, 'n wenk, wins, 'n plan.

Sit voor elkeen van die bo-staande woorde dié een van die volgende Werkwoorde wat daarby pas:

*ons doen — ons gee — ons maak.* B.v.

Ons doen 'n versoek. Ons gee 'n bevel. Ons ......

**96.** Lees en bekyk die volgende sin:
*„Halwe kennis", het 'n wys man gesê, „maak opgeblase".*

Wat is die woorde van die wys man?
Die woorde van die wys man is in twee dele geskei, en elke deel is tussen aanhalingstekens geplaas. Let ook op die kommas na die eerste deel en voor die twede deel.

Sit die nodige leestekens in die volgende sinne:

Ek sal kom sê Jan as ek my huiswerk klaar het
Hou vir julle klaar sê hy vir sy manne en as julle my sien opstaan storm dan algar vooruit
Wat kan nou roep die spreker een man teen soveel vyande tegelyk doen
Die wat 'n Martini Henry geweer het moet bo in die berg gaan sê toe Generaal Cronjé en die wat Mausers het onderaan
Waar sal ek nou hulp kry kla die arme man al my vrinde het my verlaat
O roep al die kinders plotseling uit kyk tog watter mooi blomme staan hier
Ja ja roep die hele menigte ons wil die Generaal sien laat hom hier kom
Reg so juig die vergadering dis heeltemal goed wat jy gedoen het
Ek sal jou sê wat jy moet doen sê Piet toe jy moet die grond dieper omspit
Waarom vra hy kan jy nie eerder gekom het nie
Ek het was die antwoord teveel teenspoed op die pad gehad
Hoe is dit tog ooit moontlik roep die ou man in verbasing uit dat jy so'n fout kon maak

97. 'n *Koffiehuis* is 'n huis waar 'n mens vir geld 'n kop koffie of tee of ander drank kan kry, maar geen sterk drank nie.

Sê op so'n manier ook wat die volgende woorde beteken:

kosskool, malkop, wysneus, handlanger, tronkvoël, spreekwoord, alleenspraak, ammuniesie, artilleris, binnemeidjie, wapenbroeder, intekenaar, boekwurm, harlekyn, infanterie.

98. *a. Jan en Piet ontmoet mekaar, en hulle maak 'n afspraak dat hulle vanaand saam sal uitgaan.*

Die ontmoeting van Jan en Piet, en hulle afspraak, het *nou* plaas, in die *Teenwoordige Tyd,* en hulle uitgaan sal plaas hê in die *Toekomende Tyd.*

*b. Jan en Piet het mekaar gisteroggend ontmoet, en toe maak hulle 'n afspraak dat hulle in die aand saam sou uitgaan.*

Die ontmoeting van Jan en Piet en hulle afspraak het gister plaasgevind, dus in die *Verlede Tyd;* maar toe moes hulle uitgaan nog plaas hê in die *Toekomende Tyd;* daarom sê ons nou dat hulle *sou* uitgaan.

Ons noem „sou uitgaan" die *Verlede Toekomende Tyd* van die Werkwoord „uitgaan". [1])

Sit die volgende sinne oor in die Verlede Tyd soos elke slag daaronder aangewys:

Koos dink dat dit om drie-uur sal reën.

*Koos dog dat dit* ......................

---

[1]) Die onderwyser geliewe te oorweeg dat ons hier te doen het met 'n suiwer Indikatief, en nie met 'n Voorwaardelike Wys soos in die volgende voorbeelde nie: Had jy my maar gewaarsku, sou ek dadelik gekom het. Ek sou bedank as ek in jou posiesie was.

Willem is bang dat die trein te laat sal kom.
Willem was bang ....................
Pa skryf dat hy 'n presentjie vir my sal saambring.
Toe Pa verlede week uit was, skryf hy eendag dat hy ......................
Ek beloof jou dat ek my bes sal doen.
Na die ongeluk het ek jou toe beloof dat ek ........
Die seuns dink dat hulle sonder werk deur hulle eksamen sal kom.
Die seuns het gedink ....................
Herman beweer dat dit môre mooi weer sal wees.
Herman beweer toe dat dit die volgende dag ......
Ek is van gedagte dat dit droog sal bly.
Ek was van gedagte ......................
Klaas het nou die sekerheid dat Johannes sy belofte sal hou.
Toe het Klaas die sekerheid gehad ...............
Ek weet nou waarlik nie wat ek sal doen nie.
Ek wis toe waarlik nie ...................
Ons weet nou al wat ons met Kersmis sal eet.
Ons wis toe al ..........................

**99.** Skryf 'n opstel oor een van die onderwerpe wat op bls. 129 aan die end van die boek onder die letter C staan.

**100.** Maak goeie sinne met die volgende woorde daarin:

onverwags, stadig, wraaksugtig, onverstandig, dringend, vermaaklik, lewendig, spieëlglad, doodstil, werksaam, onvoordelig, waaksaam, wreed, onregverdig, gevaarlik, vuurwarm, onbegryplik, noodsaaklik, plesierig, verspot.

**101.** 'n *Leersame* kind is 'n kind wat graag *leer*.
'n *Leesbare* brief is 'n brief wat 'n mens kan *lees*.
'n *Behoorlike* antwoord is 'n antwoord wat is soos dit *behoort* te wees.

Sê op dieselfde manier wat die volgende beteken; gebruik daarby elke slag die Werkwoord waar die kursief gedrukte Byvoegl. Woord van gemaak is.

'n *Smeebare* metaal.
'n *Belaglike* bewering.
'n *Werksame* vrou.
'n *Groeisame* klimaat.
'n *Smeltbare* stof.
'n *Geloofbare* berig.
'n *Duursame* vrede.
'n *Draagbare* orrel.
'n *Vloeibare* stof.
'n *Spaarsame* man.
'n *Begeerlike* prys.
'n *Bedrieglike* skyn.

Onthou: *-saam, -baar,* en *-lik* noem ons *agtervoegsels*.

**102.** Hier is 'n Werkwoord: *drink*.
Ons sal Bepalinge daarby sit:
1. Die os drink *lank*.
2. Die os drink *uit die dam*.
3. Die os drink *wanneer hy gewerk het*.

Die eerste is 'n *eenvoudige* Bywoordelike Bepaling, want dit bestaan maar uit een woord.
Die twede en derde Bepaling bestaan uit meer as een woord: *uit die dam,* en *wanneer hy gewerk het*.

*Uit die dam* is 'n Bywoordelike Bepalende *Uitdrukking,* want dit is drie woordjies wat gesaamlik een geheel uitmaak en tog nie 'n sin is nie.

*Wanneer hy gewerk het* is ook woorde wat een geheel uitmaak, en tegelykertyd vorm hulle ook 'n klein sinnetjie oor die os, want hulle vertel *dat die os gewerk het.* Hierdie sinnetjie is 'n Bepaling by die Gesegde „drink". So 'n sinnetjie wat dien as 'n Bepaling by die Gesegde, noem ons 'n Bywoordelike Bepalende *Bysin.* Die naam „Bysin" bedoel dat dit maar 'n deel van die hele sin is.

Ontleed die volgende sinne, en sit by die Bywoordelike Bepalinge elke keer of dit 'n *Eenvoudige* B.w.l. Bep. is, of 'n B.w.l. Bepalende *Uitdrukking,* of 'n B.w.l. Bepalende *Bysin.*

Piet het gister mielies mark-toe gebring.

Toe hy terug kom, het hy dadelik gaan slaap.

Die meid het verlede week drie koppies gebreek, deurdat sy hulle te hard neersit.

Toe sy op skool 'n prys gekry het, kon die dogtertjie saans van blydskap nie slaap nie.

Hier het ons die ander dag 'n slang langs die pad gekry.

Met veel moeite het Klaas eindelik by die huis gekom.

As jy weer kwaad doen, sal Pa vir jou met hierdie dik lat slaan.

Oom het vanmôre die hond doodgeskiet, omdat hy altyd agter die skape ja.

In die volgende vakansie gaan ons elke dag, as dit goed weer is, visvang.

Ma het met die laaste nagmaal 'n borsspeld op die dorp verloor.

As ek nie op tyd hier is nie, moet julle maar sonder my gaan.

Met mooi praatjies het hulle eindelik die sieke te bed gebring.

**103.** Ons het al vroeër gesien dat die Deelwoorde partykeer die geaardheid van 'n Werkw. het en partykeer die van 'n Byvgl. woord. Ons sal dit nou 'n bietjie nader bekyk, veral wat die Voltooide Deelw. betref.

Die Volt. Deelw. van *saag* is *gesaag*, want ons kan sê: Ek *het* die plank stukkend *gesaag*. Maar as ons dit as 'n Byvoegl. woord by die Selfst. n.w. *plank* byvoeg, dan sê ons: 'n stukkend *gesaagde* plank. Let op dat ons dan *-de* daaragter sê.

Die Volt. Deelw. van *kap* is *gekap*, want ons kan sê: Ek *het* die hout stukkend *gekap*. Maar as ons dit as 'n Byvoegl. woord by die Selfst. n.w. *hout* byvoeg, dan sê ons: die stukkend *gekapte* hout. Let op dat ons dan *-te* daaragter sê.

Ons het vroeër ook al geleer dat *te* daaragter kom by Werkwoorde wat eindig op *k* of *p*, en ook by die wat eindig op *f*, *t*, of *s* met 'n *kort* klinker daarvoor.

Skryf van die volgende Werkwoorde vereers die Verl. Tyd op, wat gemaak word van die Werkw. *het* en die Volt. Deelw.; en sit daaragter die Volt. Deelw. nog 'n slag, maar dan as 'n Byvgl. woord by die Selfst.n.w. wat tussen hakies agter die Werkw. staan. Die Volt. Deelw. soos dit voorkom in die Verl. Tyd sal ons die *Werkwoordelike* Volt. Deelw. noem; en soos dit voor-

kom as 'n Byvoegl. woord sal ons dit die *Byvoeglike* Volt. Deelw. noem.

| *W.w.* | *(S.n.w.)* | *Verl. Tyd.* | *Byvgl. Volt. Deelw.* |
|---|---|---|---|
| skeur | (baadjie) | Ek het die baadjie ge ... | Die ge ... baadjie |
| lap | (broek) | Ek .................. | Die ............. |
| pluk | (vrugte) | Ek .................. | Die ............. |
| noem | (persone) | Ek .................. | Die ............. |
| plak | (muur) | Ek .................. | Die ............. |
| skilder | (deur) | Ek .................. | Die ............. |
| los | (tou) | Ek .................. | Die ............. |
| betaal | (skuld) | Ek .................. | Die ............. |
| stop | (sokke) | Ek .................. | Die ............. |
| brei | (kouse) | Ek .................. | Die ............. |
| brand | (koffie) | Ek .................. | Die ............. |
| skil | (aartappels) | Ek .................. | Die ............. |
| straf | (kaffertjie) | Ek .................. | Die ............. |
| las | (riem) | Ek .................. | Die ............. |
| bak | (brood) | Ek .................. | Die ............. |
| teken | (prentjie) | Ek .................. | Die ............. |
| slag | (skaap) | Ek .................. | Die ............. |
| koop | (hoed) | Ek .................. | Die ............. |
| saai | (koring) | Ek .................. | Die ............. |
| braai | (wors) | Ek .................. | Die ............. |

**104.** Vul in:

Die tyd vlie; dit wil sê: die tyd .................

Die môre lag; dit ............................

Die veld treur in die winter; dit .................

Die see kook; ..............................

Die lig dans op die golwe; ......................

Die klok roep vir ons kerk-toe; ..................

Die mooi weer nooi vir ons uit tot 'n wandeling;....

Die praatjie gaan deur die hele dorp; ............
Die hemel vertel Gods grootheid; ................
Die appel lok die kind na die boom toe; .........
Die woorde bly in sy keel vassit; ................
Die oorlog het die land verwoes;.................
Die myne gee vir baie mense werk; ..............
Die wind fluister in die blare; ...................
Daardie klere maak vir Pa tien jaar jonger; .......

**105.** Vergelyk hierdie drie sinne:

1. Jan sê: „Ek gaan nou huis-toe".
2. Jan sê, hy gaan nou huis-toe.
3. Jan sê, dat hy nou huis-toe gaan.

Watter Voornaamwoord is in die eerste sin gebruik in plaas van Jan se naam? Watter een in die twede sin? En watter een in die derde sin? In watter sin staan Jan se eie woorde? Wat staan daarvoor in die plek in die twede en derde sin?

As ons Jan se eie woorde aanhaal, sit ons hulle tussen aanhalingstekens; maar as ons ander woorde daarvoor gebruik, dan nie.

Skryf elkeen van die volgende sinne op een, of as dit moontlik is, op twee ander maniere:

Maria het geantwoord: „Ek wil nie help nie".

„Ek gaan visvang", het hy gesê.

„Niks kan my nou keer nie", verklaar die man.

Hy het eerlik beken: „Niemand dra die skuld behalwe ekself nie".

„As jy onwaarheid praat", roep toe die soldaat, „sal jy aan die naaste boom opgehang word".

„Ek wens om dood te wees", sug die ongelukkige man.

Die jongkêrel vra toe vir sy maters: „Is julle gewillig om te gaan?"

Toe vra die onderwyser: „Wie het jou met die somme gehelp?"

Die getuie verklaar: „Ek het dit met my eie ore gehoor".

„As jy dit doen", skreeu Dirk toe, „dan sal ek jou 'n afgedankste pak gee".

„Kom hier", het die boer vir sy kaffers geskree, „en bring die graaf saam".

„Wat wil julle van my hê?" vra die arme seun.

**106.** Skryf 'n opstel oor een van die onderwerpe wat op bls. 129 aan die end van die boek onder die letter D staan.

**107.** Die Werkwoord *leer.*

| | |
|---|---|
| Onvolt. Deelw. | : *lerende* |
| Volt. Deelw. | : *geleer* |
| Teenw. Tyd | : *ek leer* |
| Verl. Tyd | : *ek het geleer* |
| Voorverl. Tyd | : *ek had geleer* |
| Toek. Tyd | : *ek sal leer* |
| Verl. Toek. Tyd | : *ek sou leer* |

Skryf op dieselfde manier soos hierbo die twee Deelwoorde en die vyf Tye van die volgende Werkwoorde op:

hoor, leef, werk, brand, plant, kom, skryf, lees, bind, breek, trek, speel, sing, eet, drink, dra, ry, klop, stamp, bring, klim.

**108.** Vul die volgende so in dat 'n mens kan verstaan wat die kursief gedrukte woorde beteken:

'n *Reglynige* figuur is ....................
'n *Viervoetige* dier is ....................
'n *Krombenige* dashond is ................
'n *Skerpsinnige* student is ................
'n *Swakhoofdige* kind is ..................
'n *Vierstemmige* lied is ...................
'n *Blygeestige* skrywer is .................
'n *Driejarige* perd is ......................
'n *Goedhartige* man is ....................
'n *Warmbloedige* dier is ..................
'n *Sagsinnige* meisie is ...................
'n *Wreedaardige* vyand is .................
'n *Eenlettergrepige* woord is ..............
'n *Sesreëlige* vers is ......................
'n *Veelverwige* rok is ....................
'n *Veelkleurige* tapyt is ..................
'n *Grootmagtige* koning is ................
'n *Agturige* werkdag is ...................

**109.** *Toe die pa binnekom, laat die arme seun van skrik die hele mandjie met eiers somar op die grond val.*

Hier staan die bo-staande sin uitgeteken:

**Die seun** — **laat val** — **die mandjie**

arme — toe die pa binnekom — hele
van skrik — met eiers
somar
op die grond

Teken op dieselfde manier die volgende sinne uit:

Ons arm buurman leen dikwels ons kar, as hy dorptoe wil gaan.

Pa het vir Gert 'n mooi boek gegee, omdat hy so goed gewerk het.

As dit reent, loop baie kinders kaalvoet in die water.

Daardie jongetjie loop altyd asof hy seer voete het.

Ek sien met plesier die werk van daardie seun, omdat dit so mooi geskryf is.

Waar liefde woon, gebied die Heer Sy seën.

Die groot kaffer slaan die klein kaffertjie, waar hy hom maar kan bykom.

As Koos moeg is van leer, gaan hy in die tuin werk.

Ons sal maar stadig verder ry, terwyl jy jou fiets se band oppomp.

Daardie trou skepsel gaan saam orals waar sy baas heengaan.

As jy my nie wil glo nie, kan jy maar vir ou Klaas Venter van Speelfontein vra.

**110.** Ons het al geleer dat die Voltooide Deelwoord kan gebruik word as 'n Werkwoord of as 'n Byvoeglike Woord.

In Oef. 103 het ons voorbeelde gehad, dat die Byvgl. Voltooide Deelw. *-de* of *-te* agteraan kry. Maar in boeke, veral in gedigte, en ook in uitdrukkinge wat uit die Bybel oorgeneem is, kry ons partykeer nog 'n ander Byvgl. Volt. Deelwoord, wat nie gemaak word met *-de* of *-te* nie, maar deur 'n verandering van die klinkletter binne in die woord. So lees ons b.v. van 'n man *wat sy duur geswore ede gebreek het.* Duur *geswore* ede beteken ede wat hy *gesweer* het. Hier sien ons dat die Werkwoord *sweer* twee Voltooide Deelwoorde het, nl. *gesweer* en *geswore.* So 'n woord soos *geswore* noem ons 'n *sterk* Volt. Deelw., maar die ander een, *gesweer,*

noem ons *swak,* omdat dit nodig het om gehelp te word met die lettergreep *-de* of *-te* daaragter.

Daar is baie meer swak Volt. Deelwoorde as sterkes; en die sterkes kan ons ook maar net in sekere uitdrukkings gebruik.

Skryf die volgende sinne oor; skryf daaronder van watter Werkw. die sterk Volt. Deelw. kom wat daarin voorkom; en sit die gewone, swak Volt. Deelw. ook nog daaronder. Op hierdie manier:

*Die sieke was baie swak, en vra met 'n gebroke stem om 'n bietjie water.*

*Gebroke* is die sterk Volt. Deelw. van *breek;* die gewone, swak Volt. Deelw. is *gebreek.*

1. Die meester was besonder ingenome met die goeie opstelle van die klas.
2. Met bewoë harte het die vergadering die verhaal van die arme man aangehoor.
3. Jesus het twaalf van Sy volgelinge as Sy apostels uitverkore.
4. Die toekoms is vir ons kortsigtige mense 'n geslote boek.
5. Die Here het vir Jona gevra: „Is u toorn billik ontstoke?"
6. Verlore-klein lê op die Rand die huisie in die trekkersland.
7. Agterna het die arm bedroë mense spyt van hulle liggelowigheid.
8. Adam en Eva het van die verbode vrug geëet.
9. Daardie twee bure is geswore vyande van mekaar.
10. Op die pad het ons 'n opgeskote seuntjie ontmoet, wat 'n klompie vee aanja.

**111.** Sê wat die volgende woorde beteken:
wapenstilstand, klonkie, lettersetter, mombakkies, nalatenskap, ongeluksvoël, ontbyt, pekel, redenaar, rugstring, brandwag, lykskouing, sypaadjie, rewolwer.

**112.** Skryf hierdie sinne sodanig oor, dat die eie woorde van die spreker daarin voorkom:

Die spioen sê toe, dat hy goeie kaarte van die distrik sal moet hê.

Die dame antwoord, dat sy jammer was om my in die rou te sien.

Die jongkêrel het verseker, dat hy vas beslote was om die ding te doen.

Koos voorspel my verlede week, dat ek later spyt van die ding sal hê.

Toe vra die dokter die sieke, hoe hy hom nou voel.

Die koning sê toe, dat hy wens om te hoor wat die twee manne vir mekaar gesê het.

Gister sê die onderwyser, dat die hele klas gelyk moes bly met die stadigste leerling.

Die jongetjie beken toe eerlik, dat hy te laat op skool kom deurdat hy langs die pad gedraai het.

Die baas het tot driemaal toe herhaal, dat hulle al die mielies huis-toe moes bring.

Verlede week vra Oom Jan my, of ek al in die dieretuin was.

Ek het geantwoord, dat ek dit meer as eenkeer gesien het.

**113.** 'n Skade *wat nie kan bereken word nie.*
Dit kan ons op 'n korter manier sê:
'n *Onberekenbare* skade.

Sê so ook die volgende uitdrukkinge korter deur 'n enkelde woord te gebruik in stede van die kursief gedrukte woorde:

'n Saak *wat 'n mens nie kan begryp nie.*
'n Handelwyse *soos van 'n verraaier* (of *verrader*).
'n Bos *waarin 'n mens nie kan deurdring nie.*
'n Nalatigheid *wat moet gestraf word.*
'n Woord *soos van 'n vrind.*
Roem *wat nie sal vergaan nie.*
Ons siel *wat nie kan sterf nie.*
'n Ongeluk *wat ons verskrik.*
'n Storie *wat ons vermaak.*
'n Weldaad *wat 'n mens nie kan vergeet nie.*
'n Staaf *wat 'n mens nie kan buig nie.*
'n Fout *wat ons maklik kan vergeef.*
'n Deugniet *wat nie kan verbeter word nie.*
'n Huis *wat 'n mens kan verplaas.*
'n Lugballon *wat kan bestuur word.*

114. Skryf die volgende sinne oor, sit onder elke sin die sterk Volt. Deelw. wat daarin voorkom, en skryf daaronder *a.* van watter Werkwoord dit afkom; en *b.* wat die gewone, swak Volt. Deelw. van daardie Werkwoord is:

1. Daar was nie baie besproke plekke in die konsertsaal nie, sodat ons genoeg plekke had om vir ons een uit te kies.
2. Droewig en met geboë hoof staan die ou mense by die graf van hulle seun.
3. Aangebode dienste is partykeer onaangenaam.
4. Die onderwyser ontvang 'n lys van aanbevole

boeke, en daaruit bestel hy wat hy vir die skool nodig het.
5. Dit is swaar om 'n afgedwonge belofte na te kom.
6. Ons dink dikwels aan ons jong gestorwe vrinde.
7. Die dag was koel, want die lug was betrokke.
8. Die predikant het in sy preek gepraat oor verborge skatte in die Bybel.
9. Die kaffers het hulle nie aan die eenmaal getroffe ooreenkoms gesteur nie.
10. Toe die spreker begin leuens te vertel, het die vergadering baie opgewonde geword.

**115.** Skryf 'n opstel oor een van die onderwerpe wat op blads. 129 aan die end van die boek onder die letter E staan.

**116.** Soek uit die volgende sinne al die Eenvoudige Bywl. Bepalinge uit.

Pa het gister op die pad 'n mes opgetel.

Piet gaan huis-toe, as hy sy werk klaar het.

As ek tyd het, sal ek jou môre met die motorkar kom haal.

Toe Gert die poliesman sien aankom, hardloop hy vinnig na sy oom toe.

Die lamp het die hele nag helder op die tafel gestaan en brand.

Vir hierdie ou boek, het ek indertyd 'n pond betaal.

As jy eendag weer kom, sal ons jou in ons nuwe kar van die stasie afhaal.

Jy het toe somar meteens ja gesê.

Die muskiete gons die hele aand om ons heen.

Flip moet môre, sodra as hy tuiskom, hierdei briefie by Oom Fanie bring.

Soek uit dieselfde sinne ook alle Bywl. Bepalende *Uitdrukkinge.*

Soek dan ook alle Bywl. Bepalende *Bysinne* daaruit.

**117.** Ontleed die sinne van Oef. 116 op dieselfde manier soos in Oef. 102.

**118.** Skryf die volgende sinne oor, sit onder elke sin die sterk Volt. Deelw. wat daarin voorkom, en skryf daarby *a.* van watter Werkwoord dit afkom, en *b.* wat die gewone, swak Volt. Deelw. van daardie Werkw. is.

1. Toe die kind weer gesond was, het die moeder al die deurgestane ellende vergeet.
2. Maritzburg is een van die moois geleë dorpe in Suid-Afrika.
3. Op die Pinksterdag het die disiepels 'n geluid gehoor soos van 'n geweldig gedrewe wind.
4. Wolraad Woltemade se veelgeprese daad verdien om deur iedereen in Suid-Afrika geken te word.
5. Gister het ons 'n brief gehad van ons gewese onderwyser.
6. 'n Mens moet nie in 'n gegewe perd se bek kyk nie.
7. In hierdie nommer van Die Huisgenoot staan 'n paar goed geskrewe stories.
8. Oom Hans is 'n bedrewe timmerman.
9. Die soldate het met onbesweke heldemoed die ongelyke stryd volgehou.
10. Terwyl Josua veg, het Moses met opgehewe hande vir sy volk gebid.

**119.** Hier staan 'n aantal Manlike Selfst. n.woorde; sit agter elke naam die Vroulike Selfst. n.woord wat daarmee ooreenkom:

boer, koning, bul, profeet, skrywer, seun, bedelaar, werker, president, sekretaris, ram, beer (die verskeurende dier), beer (die vark), sanger, meneer, heer, prins, prater, direkteur, baas, kaffer, reun, skoolmeester, onderwyser, Jakob, Hendrik, Willem, Corneels, Johannes, Louis, Krisjan.

.**120.** Die kat.
Die *swart* kat.
Die kat *van Tant Koba.*

Hier staan eers 'n Selfst. n.woord: *kat.*

Dan staan dieselfde woord weer daar, met 'n Byvoegl. Bepaling daarby, nl. die woord *swart.* Dit is maar een woordjie; daarom noem ons dit 'n *Eenvoudige* Byvoegl. Bepaling.

Daarna staan die woord *kat* weer daar, en dié slag is daar 'n Bepaling by, wat uit drie woorde bestaan. Hierdie drie maak met mekaar een geheel. Dit is 'n Byvoegl. Bepalende *Uitdrukking.*

Ontleed die volgende sinne, en sit by elke Byvgl. Bepaling nog by of dit 'n Eenvoudige Byvgl. Bep. is, of 'n Byvgl. Bepalende *Uitdrukking.* B.v.:

Die jongste seuntjie van ons predikant het 'n ernstige ongeluk gehad.

| | |
|---|---|
| Die seuntjie | — Ond. |
| jongste | — Eenv. Bvgl. Bep. by die Ond. |
| van ons predikant | — Bvgl. Bep. Uitdr. by die Ond. |
| het gehad | — Ges. |
| 'n ongeluk | — Lyd. Voorw. |
| ernstige | — Eenv. Bvgl. Bep. by die L.V.w. |

Die winkelman op die hoek verkoop mooi sy.

Die hael van verlede week het al ons mielies verniel.

Die arme klein seuntjie van ons bywoner het swaar koors gehad.

Drie beeste van my oom het doodgegaan.

Die kwaai honde van daardie kaffers het vier skape van Boet Hans doodgebyt.

Die ou boom agter ons huis dra honderde mooi groot appels.

Ons het vier waens met aartappels weggestuur.

My oudste broer teken 'n pragtige kaart van Suid-Afrika.

Die dogtertjie van my neef het 'n mooi tuin met pragtige blomme.

Die kollekte vir die weeshuis het veertig pond opgebring.

Oom Karel het 'n groot huis met ag kamers gebou.

Die trein van die Kaap af het 'n paar koeie doodgetrap.

**121.** Wat is die verskil tussen

| | |
|---|---|
| 'n somerse dag | en 'n somerdag |
| 'n bergagtige landskap | en 'n berglandskap |
| stormagtige weer | en stormweer |
| 'n koninklike woord | en 'n koningswoord |
| herfsagtige weer | en herfsweer |
| 'n rustige dag | en 'n rusdag |
| 'n meesterlike werk | en 'n meesterwerk |
| 'n olieagtige vlek | en 'n olievlek |
| melkagtige sop | en melksop. |
| 'n winteragtige wind | en 'n winterwind |
| 'n vurige gloed | en 'n vuurgloed |
| 'n wonderlike daad | en 'n wonderdaad? |

**122.** Skryf die volgende sinne oor, sit onder elke sin die sterk Volt. Deelw. wat daarin voorkom, en skryf daarby *a.* van watter Werkwoord dit afkom, en *b.* wat die gewone, swak Volt. Deelw. van daardie Werkwoord is.

1. Met verslae harte hoor hulle die berig van die nederlaag.
2. Ons kom toe eindelik na 'n reis van vyf ure by 'n klein verlate huisie midde in die veld.
3. Na al die gelede smarte kan ons nou eindelik weer rustig asemhaal.
4. Gedane dinge kan jy nie meer ongedaan maak nie.
5. Die spreker het 'n goed deurdagte redevoering gehou.
6. Ons praat nog dikwels oor ons oorlede Oom Piet.
7. Die hof het al die persone opgeroep, wat by die saak betrokke is.
8. Wat staan jy en luister na die onsinnige praatjies van daardie beskonke vent?
9. Daar staan dikwels ingesonde stukke in die koerant.
10. Jy moet vir daardie man oppas, want hy is 'n geslepe bedrieër.

**123.** Skryf 'n opstel oor een van die onderwerpe wat op bls. 129 aan die end van die boek onder die letter F staan.

**124.** Hier staan 'n aantal vroulike Selfst. n.woorde; sit agter elke naam die manlike S.n.w. wat daarmee ooreenkom:

kombuismeid, wasvrou, keiserin, koei, bruid, skooljuffrou, onderwyseres, sangeres, werkster, Pieta, prinses,

teef, profetes, boerin, berin, leuenaarster, bedriegster, nig, Willemina, hertogin, dokteres, sekretaresse, voorsitster, siekeverpleegster, pianiste, direktriese, Gerarda, vleister, Kristina, vertelster, nonnie, ounooi, weduwee, mevrou.

**125.** Sê die volgende uitdrukkinge korter deur 'n enkelde woord daarvoor in die plek te gebruik:

'n Skoen waar geen water in kan dring nie is 'n .... skoen.

'n Doek wat effens nat is, is ......

Iemand wat baie gou seer kry, is ......

Iemand wat maklik alles glo wat jy hom vertel, is .....

'n Man wat maar alleen naby kan sien, is ......

'n Seun wat bang is vir 'n bietjie kou, is ......

'n Man met gebreklike bene is ......

'n Brief wat werd is om gelees te word, is ......

'n Koning met groot mag noem ons 'n ...... koning.

'n Boodskap wat met die mond oorgebring word, is 'n ...... boodskap.

'n Bevel wat op skrif gegee word, is 'n ...... bevel.

'n Man wat altyd reg handel, noem ons ......

As iemand behoefte het om te slaap, sê hy: „ek is....".

Iemand wat jammer kry vir ongelukkige mense, is ....

Iemand wat maak soos 'n skelm, werk op 'n ...... manier.

**126.** Bepalinge by 'n Selfst. n.w. noem ons *Byvoeglike* Bepalinge.

Nou, hier is 'n Selfst. n.w.: *'n hond.*

En hier is Bepalinge daarby:

1. 'n *Ou* hond.
2. 'n Hond *met 'n krulstert.*
3. 'n Hond *wat die huis oppas.*

Die eerste is 'n *Eenvoudige* Byvl. Bepaling, want dit bestaan maar uit een woord.

Die twede is 'n Byvgl. Bepalende *Uitdrukking,* want dit is 'n aantal woorde by mekaar wat een geheel vorm.

Maar wat is die derde? Dit is 'n klein sinnetjie, waarin gesê word dat die hond die huis oppas; dog dit is maar 'n *Bysin,* want dit is 'n toevoegsel by die woord *hond.* Ons noem dit dus 'n Byvgl. Bepalende Bysin.

Ontleed die volgende sinne, en sit by die Byvgl. Bepalinge elke keer watter soort dit is: 'n *Eenvoudige* Byvgl. Bep., of 'n Byvgl. Bepalende *Uitdrukking,* of 'n Byvgl. Bepalende *Bysin.*

Die ou kaffer wat ons lande ploeë, het drie vroue.

My neef, wat jy gister hier ontmoet het, besit 'n groot plaas van vyfduisend morge.

Sy lande langs die spruit het agduisend sakke mielies opgebring.

My tante se hoenders lê baie eiers, waarmee tante 'n mooi klompie geld maak.

Die eerste boer wat lemoene op die mark bring, kry 'n goeie prys.

Die jem wat Ma van jou appelkose gemaak het, het die eerste prys gekry.

Ons bure aan die oorkant van die pad het vier liewe mooi kindertjies, wat altyd soet met mekaar speel.

Die honde wat gedurig agter ons skape jaag, sal Pa doodskiet.

'n Flukse leerling wat sy bes doen, sal goeie vorderinge maak.

Die man van wie ek hierdie hawer gekoop het, het my die hele geskiedenis van die ongeluk vertel.

My neef uit Bloemfontein, wat gister hier was, het 'n wonderlike ontmoeting gehad.

Die koelie wat hier altyd met vrugte kom, dra 'n baadjie wat seker 'n voet te lank is.

127. Vul in:

Suiker is soet; maar as ons sê dat *die slaap soet* is, bedoel ons, ........

Yster is swaar, maar as ons praat van *swaar werk*, bedoel ons, ........

Gaan so verder oor die volgende dinge:

| | |
|---|---|
| 'n Mes is skerp; ...... | hy het 'n skerp verstand. |
| 'n Put is diep; ........ | dit is 'n diep geheim. |
| 'n Toring is hoog; .... | 'n hoë offisier. |
| Gal is bitter; ......... | 'n bitter verdriet. |
| Asyn is suur; ......... | hy trek 'n suur gesig. |
| 'n Olifant is groot; .... | 'n groot koning. |
| 'n Wolf is hongerig; ... | die hongerige graf. |
| 'n Boom is dik; ....... | 'n dikke duisternis. |
| 'n Kom is hol; ....... | hy praat met 'n holle stem. |
| 'n Perd is sterk; ...... | die koffie is sterk. |

128. Sit agter die volgende Werkwoorde twee Voltooide Deelwoorde, nl. 'n swak en 'n sterk een.

| *Werkw.* | *Swak Volt. Deelw.* | *Sterk Volt. Deelw.* |
|---|---|---|
| inneem | ingeneem | ingenome |
| buig | .... | .... |
| breek | .... | .... |
| gee | .... | .... |
| beweeg | .... | .... |
| bedryf | .... | .... |
| opwind | .... | .... |

| *Werkw.* | *Swak Volt. Deelw.* | *Sterk Volt. Deelw.* |
| --- | --- | --- |
| opskiet | .... | .... |
| betrek | .... | .... |
| sluit | .... | .... |
| doen | .... | .... |
| verberg | .... | .... |
| tref | .... | .... |
| sterf | .... | .... |
| bedrieë | .... | .... |
| aanbied | .... | .... |
| verbied | .... | .... |
| sweer | .... | .... |
| aanbeveel | .... | .... |
| bespreek | .... | .... |
| prys | .... | .... |
| ly | .... | .... |
| skryf | .... | .... |
| beswyk | .... | .... |
| dryf | .... | .... |
| verslaan | .... | .... |
| deurdink | .... | .... |
| ontsteek | .... | .... |
| dwing | .... | .... |
| ophef | .... | .... |
| wees | .... | .... |

**129.** *'n Breedgeskouderde man is 'n man met breë skouers.*

Sê so ook wat die volgende is:

'n *Saggeaarde* kind ........................

'n *Fynbesnaarde* instrument ................

'n *Sterkgespierde* arm ......................

'n *Breedgerande* hoed ......................
'n *Witgedaste* predikant ....................
'n *Rooigedakte* huis ......................
'n *Fyngepunte* pen ........................
'n *Breedgetakte* boom ......................
'n *Diepgewortelde* kwaad ....................
'n *Reggeaarde* seun ........................
'n *Skerpgepunte* naald ......................
'n *Hooggepluimde* helm ....................

**130.** Ek gaan vertel wat Jan sê:

*Jan sê: „Ek wil graag die kuikentjies sien".*

Hier staan die woorde net soos Jan hulle gesê het. Dit noem ons die *direkte rede,* d.i. die regstreekse manier òm Jan se woorde oor te vertel.

*Jan sê, dat hy graag die kuikentjies wil sien.*

Hier staan die woorde nie soos Jan hulle gesê het nie, maar soos ek dit vir myself verander. Dit noem ons die *indirekte rede.* Ons kan dit ook op die volgende manier sê:

*Jan sê hy wil graag die kuikentjies sien.*

Sit die volgende sinne van die *direkte* rede oor in die *indirekte* rede; as dit moontlik is op twee maniere.

Pa vra: „Gaan Gert ook saam kerk-toe?"

Willem skryf in sy brief: „Ek gaan 'n rukkie kuier na Durban toe".

In die koerant staan: „Die prys van meel het alweer opgegaan".

Ma sê: „Dan moet ons maar minder brood en meer mielies en aartappels eet".

Ons het 'n telegram van Bertus gekry, waarin hy laat weet: „Ek kom môreaand tuis".

Piet vra vir Bettie: „Het jy nie altemit vir Hendrik gesien nie?"

In hierdie boek staan: „Dit is onmoontlik dat daar mense op die maan kan leef".

„Koerante sê nie altyd die waarheid nie", het ek al dikwels hoor beweer.

„Sal u vanaand tuis wees?" vra Ma.

Pa sê vir die kaffer: „Pas op, moenie die melk mors nie".

Die predikant het afgekondig: „Aanstaande Woensdag sal daar 'n vergadering van ouers van skoolkinders gehou word".

Jan sê vir Piet: „Ek kan nie glo wat jy vertel nie".

131. Skryf 'n opstel oor een van die onderwerpe wat op bls. 129 aan die end van die boek onder letter G. staan.

132. Teken die volgende sinne uit:

My oom wat naas ons woon, het gister op 'n uitverkoping vir drie pond 'n mooi nuwe pak klere gekoop.

Die eerste honderd persone wat op die koerant inteken, kry 'n fraai leersakboekie met potlood present.

Die kaffers op ons plaas het verlede jaar, toe dit so droog was, al die kalwers wat hulle gewen het, vir mielies verruil.

Die ryk oom van ons op Weltevreden, van wie ek jou vertel het, het gister, toe my sussie verjaar, vir haar 'n mooi pop met 'n pragtige tabberdjie gestuur, wat ook kan slaap.

As jy weer op ons plaas kom, moet jy asseblief vir my tante 'n gesangboek met groot druk saambring.

Die skrywer van daardie boek het, voordat hy met die werk begin het, verskeie maande lank groot ondersoekinge oor sy onderwerp gedoen.

133. Ontleed die sinne van Oef. 132 op die manier van Oef. 102. Bysinne moet behandel word asof dit gewone Bepalinge is.

134. Vul in met die vereiste Voorsetsel:

Ons vertrou ...... God.

Ek dink nog dikwels ...... ons feesdag.

Ek verbaas my ...... Pieter se vorderinge.

Koos het gisternag ...... 'n groot hond gedroom.

Ons kat sit elke slag ...... ons kanarie en loer.

Geert luister nooit ...... goeie raad nie.

Pa waarsku ons gedurig ...... slange langs die pad.

Daardie seun lyk sprekend ...... sy pa.

Maria kla voortdurend ...... pyn in haar kop.

Ons moet nooit grootpraat ...... ons rykdom nie.

Die arme moeder treur ...... haar enigste seuntjie, wat onlangs gesterf het.

Daardie seuns stry altyd met mekaar .... hulle somme.

Die onderwyser het 'n paar kinders vrygestel ...... huiswerk.

Ek steur my maar min ...... sulke lawwe praatjies.

Willem kon nie eers antwoord ...... so'n maklike vraag nie.

Ek bedank u hartlik ...... al u vrindelikheid.

Die stadsraad het dadelik ...... ons versoek voldaan.

Jy kan vir daardie werk ..... 'n groot som geld beskik.

Ek verlang nou baie ...... 'n bietjie rus.

Daardie eiewyse seun dink dat hy ...... alles reg oordeel.

**135.** 'n *Deksel* is 'n *middel* om iets toe te *dek.*

'n *Baksel* is iets wat *gebak* word.

*Knipsel* is iets wat ontstaan as 'n mens dit *knip.*

Hierdie woorde is gemaak met die agtervoegsel *-sel.*

Hier staan nog meer van sulke woorde. Skryf by elkeen van hulle wat dit beteken:

blousel, kooksel, saagsel, brousel, stysel (d.i. styfsel), mengsel, verguldsel, windsel, smeersel, strooisel, handvatsel, pluksel, plaksel, bindsel, snysel, vulsel, skynsel, skepsel.

**136.** *Ons ryk oom op Jakobstad, wat verlede jaar by ons gekuier het, het onlangs, toe my sussie siek was, vir haar 'n mooi pop met pragtige klere aan gestuur, wat seker wel drie pond gekos het.*

Hier staan hierdie sin uitgeteken, en by elke Bepaling staan by van watter soort dit is.

**oom** — **het gestuur** — **vir haar** — **'n pop**

**oom**
- ons (Eenv. Bvgl. Bep.)
- ryk (Eenv. Bvgl. Bep.
- op Jakobstad (Bvgl. Bep. Uitdr.)
- wat verlede jaar by ons gekuier het (Bvgl. Bep. Bysin)

**het gestuur**
- onlangs (Eenv. Bwl. Bep.)
- toe my sussie siek was (Bwl. Bep. Bysin)

**'n pop**
- mooi (Eenv. Bvgl. Bep.)
- met pragtige klere aan (Bvgl. Bep. Uitdr.)
- wat seker wel drie pond gekos het (Bvgl. Bep. Bysin)

Doen ook so met die volgende sinne:

My neef, wat naas ons woon, het gister vir twaalf sielings 'n wit strooihoed met 'n breë lint gekoop.

As die weer goed is, gaan al die jongetjies môre in die rivier visvang.

Die kinders van Mooivlei, wat 'n jaarlank geld bymekaar gemaak het, sal die volgende maand, as hulle drie weke vakansie het, 'n reis na Pretoria en Johannesburg maak.

Toe my Pa die laaste keer na Delagoabaai toe was, het hy daarvandaan 'n hele party mooi plante met gekleurde blare saamgebring, wat Ma so graag wou gehad het.

137. In plaas van „mense sonder kinders" kan ons sê „kinderlose mense".

Sê nou elke keer in plaas van die volgende uitdrukkinge een enkelde woord wat dieselfde betekenis het:

sonder geld; sonder werk; sonder sorg; sonder moed; sonder blare (bladers); sonder pyn; sonder vreugde; sonder ouers (ouders); sonder skaamte; sonder gewete; sonder end (einde); sonder hoop.

Sit nou een van daardie gemaakte woorde by elkeen van die volgende Selfst. naamwoorde:

'n arbeider; 'n bedrieër; 'n operasie; 'n jongetjie; 'n kind; 'n skurk; 'n reisiger; 'n boom; 'n soldaat; 'n ouderdom; 'n onderneming; 'n reis.

138. Skryf 'n opstel oor een van die onderwerpe wat op bls. 130 aan die end van die boek onder die letter H staan.

**139.** Kyk nog 'n slag na die voorbeeld van Oef. 136. Hier staan daardie sin ontleed in *Ond.*, *Ges.* en *Voorw.*, met die *Bepalinge* daarby, in ses kolomme. By die Ond. staan of dit *Bedrywend* of *Lydend* is; by die Gesegde of dit *Naamwoordelik* of *Werkwoordelik* is; en by die Voorw. of dit *Lydend* of *Belanghebbend* is; en by elke Bepaling of dit *Byvoegl.* of *Bywoordelik*, en ook of dit 'n *Eenv. Bep.*, of 'n *Uitdr.* of 'n *Bysin* is.

| *Ond.* | *Bep. b/d Ond.* | *Ges.* | *Bep. b/d Ges.* | *Voorw.* | *Bep. b/d V.w.* |
|---|---|---|---|---|---|
| oom (Bedr.) | ons (Eenv. Bvgl.)<br>ryk (Eenv. Bvgl.)<br>op Jakobstad (Bvgl. Bep. Uitdr.)<br>wat verlede jaar by ons gekuier het (Byvgl. Bep. Bys.) | het gestuur (W.w.l.) | onlangs (Eenv. Bwl.)<br>toe my sussie siek was (Bwl. Bep. Bys.) | vir haar (Bel.h.)<br>'n pop (Lyd.) | mooi (Eenv. Bvgl.)<br>met pragtige klere aan (Bvgl. Bep. Uitdr.)<br>wat seker wel drie pond gekos het (Bvgl. Bep. Bys.) |

Doen ook so met die ander sinne van daardie Oefening.

**140.** Ons skryf met 'n griffie op die lei.
Ek kan nie sonder 'n hamer timmer nie.
Ons sit in die skool op houtbanke.
Die vink hang sy nes aan 'n tak bo die rivier.
Die hond van Oom Klaas het 'n toutjie om sy nek.
Pa het in die dorp vir agtien pond 'n perd met saal en toom gekoop.
In daardie ou kar ry Piet van Oom Hans met sy sussie.
Die haan op die toring draai altyd sy kop in die wind.

Ek neem 'n appel met 'n rooi wangetjie uit die mandjie.
In 'n uur ry ek op my fiets maklik na Rietvlei toe.
Hans het in die trein sy beurs met geld verloor.

Skryf uit hierdie sinne al die Byvoegl. en Bywl. Bep. *uitdrukkinge* op; sit onder die eerste woord van elke uitdrukking 'n strepie, en maak dan 'n lysie van die woorde waar die strepies onder staan.

*Onthou*: Woordjies wat in 'n Byvgl. en Bywl. Bepalende Uitdrukking *vooraan* staan, noem ons *Voorsetsels*.

Skryf nou ag Voorsetsels op.

**141.** brand; bruilof; fees; boek; operasie; vraagstuk; bevel; order; oorlog; slag; oorwinning; nederlaag; vrede; ooreenkoms; verbond; fondament; eerste steen; dak; doel; rekening.

Soek by elkeen van die bo-staande Selfst. n.woorde 'n Werkwoord wat daarby pas uit die wat hieronder staan:

oplos; maak; blus; teken; sluit; tref; gee; hou; vier; uitvaardig; uitgee; lewer; lê; opmaak; verklaar; verrig; behaal; opsit; ly; graaf.

Skryf dit op hierdie manier:
'n Brand word geblus.
'n Bruilof word ........

**142.** Sê elke slag met een woord wat die volgende is:
Die saal op die perd lê, noem ons *opsaal*.
Die saal van die perd afneem, ............
Die perd voor die kar span, ............
Die perd van die kar losmaak, ............
Met die perd rondloop totdat hy koud is, ..........

Die tafeldoek op die tafel lê en die borde daarop sit, ............
Die vleis met sout invryf, ............
Die mieliepitte van die stronke afhaal, ............
Die korrels van die koring afmaak, ..........
Voor die osse loop met die tou, ..........
Die remblok teen die wawiel vasdruk, ..........
Oor die visier en die korrel van die geweer kyk om te skiet, ..........
Die water deur die voortjies laat loop om die tuin nat te maak, ..........
Die kaf uit die koring uitwaai, ..........

143. Vul die ontbrekende Voorsetsels in:
Het jy al geantwoord ...... die brief van Oom Hans?
Ek kan ...... daardie ding nie oordeel nie, want ek weet te min daarvan af.
Jy moet jou maar nie ...... sy lawwe praatjies steur nie.
Ek moet eers nog 'n bietjie ...... die saak nadink.
Die kaffer vra ...... 'n bietjie tabak.
Ma het ons ...... lekker koek getrakteer.
Hulle het wel 'n uurlank ...... daardie teks gestry.
Ek kan my maar nie ...... vroeg opstaan wen nie.
Die kat loer al 'n hele tyd ...... 'n kwikstertjie.
Die Here het Hom ontferm ...... die moordenaar aan die kruis.
Of jy na die fees toe kan gaan, sal heeltemal ..... jouself afhang.
Ek verwonder my gedurig meer ...... daardie slim seun.
Pa het my voorsien ...... alles wat ek nodig het.

Ma het voorsien .... die behoeftes van die meisies.
Ek twyfel sterk .... die waarheid van die storie.
My Ouma kla teenswoordig baie .... pyn in die bene.
Jy moet goed .... Koos oplet.
Gisternag het ek .... 'n groot storm gedroom
Hulle het hartlik .... die grap gelag.
Ek gee nie veel om .... koue vleis nie.

**144.** geduld; smart; geweld; pyn; 'n vonnis; gebrek; verlies; sy verstand; straf; honger; medisyne; 'n operasie; die middagmaal; die nederlaag; lis.

Sit voor elkeen van die bo-staande Selfst. n.woorde die een van die volgende Werkwoorde wat daarby pas:

Iemand *ondergaan* — Iemand *gebruik* — Iemand *ly*.

B.v.:

Iemand gebruik geduld. Iemand ........

**145.** Skryf 'n opstel oor een van die onderwerpe wat op bls. 130 aan die end van die boek onder die letter I staan.

**146.** 'n Hoed met linte; 'n os sonder horings; koop in die winkel; skryf op die bord; dankbaar vir 'n weldaad; verlangend na 'n brief; 'n pad oor die berg; klop met 'n hamer; siek van verkoue; vra om geld; dans van blydskap; sny met 'n mes; sit by die vuur; 'n heining om die erf; vuur onder die ketel; die buurman naas ons; die wolk bo die berg; tuis kom uit die skool; dink aan my vermaning; bang vir die lewe; die bome agter die huis; die haantjie op die toring; leun teen die muur; trots op sy klere.

Hier staan woorde waarby elke keer 'n Byvoegl. of Bywl. uitdrukking bygevoeg is. Skryf daardie uitdrukkinge in drie kolomme op die volgende manier: In die eerste kolom die vernaamste woord; in die twede die Voorsetsel; en in die derde die woord waar die Voorsetsel by behoort. Sit by die woord in die eerste en derde kolom watter soort woord dit is (S.n.w., W.w., ens.).

B.v.:

| *Vernaamste Woord.* | *Voorsetsel.* | *Agterste Woord.* |
|---|---|---|
| 'n Hoed (S.n.w.) | met | linte (S.n.w.) |

Kyk nou na die eerste en derde kolom.

Watter soort woord staan vóór die Voorsetsel?

„ „ „ „ agter „ „ ?

*Onthou*: 'n Voorsetsel het altyd 'n *Selfst. n.w. agter* hom; maar *voor* die Voorsetsel staan een van hierdie drie: 'n *Selfst. n.w.*, 'n *Werkw.*, of 'n *Byvoegl. Woord.*

147. In die volgende sinne staan elke slag 'n woord kursief gedruk. Daardie woord is gemaak van 'n Werkwoord wat ook in dieselfde sin moet voorkom, maar waarvan die plek oopgelaat is. Vul daardie Werkwoord in.

'n *Drif* is 'n plek, waar die boere hulle vee deur die rivier kan .... (d.i. jaag).

Ons gaan môre 'n lang *rit* doen, want ons sal ag ure te perd moet.....

Daar het 'n *gesant* by die regering gekom; hy was deur die koning van 'n ver land ge.....

Ons het 'n groot *gif* vir die hospitaal ontvang, nl. £ 100, wat 'n ryk dame ge.... het.

Die Skotte het 'n eienaardige kleder*drag*; die manne .... nl. klein rokkies, wat hulle kilts noem.

Daar is 'n diep *spleet* in hierdie klip, en dit lyk of hy nog verder wil ......

Dit is hier baie *glad*; 'n mens kan hier maklik ....

Die oorlog bring baie *leed* in die wêreld; duisende mense .... gebrek, ja selfs honger.

Hoe waai die *stof*; dit .... somar in my oë.

Die sterk *drank* bring baie ellende in die wêreld; dis beter dat 'n mens dit nie .... nie.

Hierdie graaf is *blink* van die werk; kyk hoe .... hy.

Ek sal op die mark 'n *bod* doen vir hierdie koei; maar ek sal darem nie te hoog .... nie.

'n Gulsige eter noem ons partykeer 'n *vraat*, want dit lyk of hy nie eet nie, maar .... soos 'n dier.

Skryf nou die kursief gedrukte woorde op, en skryf agter elkeen van watter Werkw. dit gemaak is; b.v.:

*drif* is gemaak van die W.w. *dryf*.

*rit* ,, ,, ,, ,, ,, ......

148. In St. IV het ons daaroor gepraat dat 'n hond Hendrik se sussie Koba gebyt het, en toe Hendrik dit vir sy Ma vertel, kom die hond net aangedraf; toe sê Hendrik:

*Hier kom die hond wat Koba gebyt het.*

Nou sal ons 'n bietjie kyk wat Hendrik hier sê.

Hoeveel dinge sê hy? Twee:

1. 'n Hond het Koba gebyt; en
2. Hier kom die hond.

Maar let nou mooi op. Toe Hendrik vertel dat die hond Koba gebyt het, sê hy nie:

„*die hond* het Koba gebyt" nie,

maar hy sê

„*wat* Koba gebyt het".

Watter woord sê hy hier in plaas van „die hond"?

Ons weet al, dat 'n woord wat vir 'n Selfst. n.w. in die plek staan, 'n *Voornaamwoord* genoem word. Watter soort woord is dus hierdie woordjie „wat"?

Nou moet ons sien *watter soort* Voorn.woord dit is. Voordat die woordjie „wat" ingekom het, was daar twee aparte sinne:

1. 'n Hond het Koba gebyt; en
2. Hier kom die hond.

Maar die woordjie „wat" het die twee aparte sinne met mekaar in betrekking gebring en hulle tot één sin verenig. 'n Voorn.w. wat dit doen, noem ons 'n *Betreklike* V.n.w. Dus is „wat" in hierdie sin ook 'n *Betreklike V.n.w.*

*Onthou*: 'n Betreklike Voorn.woord is 'n Voorn.w. wat twee sinne met mekaar in betrekking bring en tot één sin verenig.

Hier is nog 'n voorbeeld:

1. Hier woon die wamaker.
2. Hy het ons kar gemaak.

In die twede sin staan die V.n.w. „hy" in plaas van die wamaker; maar die twee sinne is elkeen apart. As ons hulle met mekaar in betrekking bring en tot een sin verenig, verander ons die V.n.w. „hy" in „wat":

Hier woon die wamaker, *wat* ons kar gemaak het.

Let ook op wat daar gebeur het met die Werkwoord „het". Dit kom heeltemal agteraan.

Maak nou 'n samegestelde sin van elkeen van die volgende pare van sinne; begin elke slag met die eerste van die twee; maar let daarop, dat die woordjie *kan* of *kon* in die twede sin nie heeltemal op die end kom nie, maar net voor die ander werkwoord wat ook nog daarin is.

*a*. Ek het gister 'n man gesien.
*b*. Daardie man kan somar iemand se portret op die muur teken.
*a*. Hoe geval jou die nuwe perd?
*b*. Jy het daardie perd van Oom Frikkie gekoop.
*a*. Tant Maria het 'n pappegaai.
*b*. Die pappegaai kan die hele volkslied sing.
*a*. In hierdie boek staan die storie van Kaptein Cook.
*b*. Kaptein Cook het so baie ontdekkingsreise gemaak.
*a*. Ons woon al in die nuwe huis.
*b*. Pa het die huis laat bou.
*a*. In Duitsland was daar 'n jaar of wat gelede 'n hond.
*b*. Daardie hond kon sommige woorde praat.
*a*. Het jy al die boek gelees?
*b*. Gert van Staden het jou die boek gestuur.
*a*. Ons kat vang baie jong voëltjies.
*b*. Daardie jong voëltjies kan nog nie goed vlie nie.
*a*. Boet Hans het die stoel weer reggemaak.
*b*. Piet hulle het die stoel met hulle baljaar gebreek.
*a*. Hier is 'n vreemde arm man.
*b*. Hy vra om 'n bietjie kos.
*a*. Die kaffer is 'n wonderlike soort skepsel.
*b*. Ons het die kaffer eergister gehuur.
*a*. Pieter dink hy kan die som maak.
*b*. Sy meester kan dit nie eers maak nie.

**149.** *Ons sestien osse haal met gemak die swaar wa uit die modder uit.*

Ons gaan hierdie sin ontleed, maar nou sal ons dit op 'n ander manier doen as tot nog toe. Ons maak drie kolomme: een vir die Onderwerp met alles wat daarby behoort; een vir die Gesegde en wat daarby behoort; en

een vir die Lydende Voorwerp en wat daarby behoort.

Op hierdie manier:

| *Onderwerp.* | *Gesegde.* | *L. Voorwerp.* |
| --- | --- | --- |
| Ons sestien osse | haal met gemak uit die modder uit | die swaar wa |

Doen ook so met die volgende sinne:

In drie maande het Oom Gert agtien osse deur siekte verloor.

Met 'n bietjie moeite kan jy maklik elke week 'n pond ekstra verdien.

Die geweldige brand van eergister het 'n skade van twintigduisend pond veroorsaak.

Met die laaste pos het my buurman berig van sy pa se dood ontvang.

Die twee ou vrinde het 'n paar uur lank 'n lewendige gesprek oor droëlandboerdery gevoer.

Vir alle sekerheid sal ek maar die deur van die dispens goed toesluit.

Daardie koei gee elke dag vier-en-twintig bottels melk.

Die arme ou maer osse kan die swaar gelaaide wa met mielies nie verder trek nie.

Vanmôre het ek 'n brief met 'n poswissel van vyftien sielings ontvang.

Die kinders het verlede Saterdag 'n lekker piekniek gehou.

In daardie ou huis het ek eendag 'n harde geveg met 'n slang gehad.

Onder 'n verskriklike onweersbui met reën en hael moes die ou boer sy skape in veiligheid bring.

**150.** *My ouers het besluit dat ek in die vakansie na die strand toe sal gaan.*

Hier staan daardie sin in drie kolomme ontleed:

| *Onderwerp.* | *Gesegde.* | *L. Voorwerp.* |
|---|---|---|
| My ouers | het besluit | dat ek in die vakansie na die strand toe sal gaan |

Doen ook so met die volgende sinne:

My oudste suster het gister gesê dat sy graag by julle wil kom kuier.

Verlede week het ek gesien hoe 'n sekretarisvoël 'n slang doodmaak.

Laaste nag het ek gedroom dat my hond siek was.

Pa vertel altyd met plesier wat hy in Egipte gesien het.

My tante skryf dat sy die volgende week by ons sal kom.

Mietjie vra waar die besem is.

Ek wens dat dit al Kersmis is.

Met veel moeite kom ons eindelik te wete waar die kaffer die goed moet bring.

Ma het nog altyd verwag dat die verlore handskoene eendag sal uitkom.

My oom het noukeurig geskryf wanneer hy met die trein sal aankom.

Jy het nog nie geleer wat jy moet sê of verswyg nie.

Glo jy dan nog wat daardie bedrieër jou vertel het?

**151.** Vul in:

Die leeu word die koning van die diere genoem, omdat ........

Die kameel .... die skip van die woestyn ....,....

Die haan ...... die môrewekker .......,.......

Die kat ...... die skrik van die muise .....,....

Die Bybel ...... Gods Woord .....,......

Die lokomotief ...... die stoomperd .....,.......

Die fiets ...... die ysterperd .....,......

Die koring ...... die lewende brood ....,.......
Die slaap ...... die beeld van die dood ....,......
Die roos .... die koningin van die blomme ...., ....
Die plante ..... die kleed van die aarde ....., .....
Die wolke .... die reisigers van die lug ....., .....

152. Skryf 'n opstel oor een van die onderwerpe wat op bls. 130 aan die end van die boek onder die letter J staan.

153. Sit die nodige leestekens in die volgende sinne. (As dit nodig is, verander dan 'n klein letter in 'n hoofletter.)

Die vreemdeling vra vir die poliesman wys my tog a.s.b. die pad na die dieretuin

Loop maar reguit en slaan die twede hoek regs om sê die poliesman

Kan jy my sê hoe laat dit is vra Piet vir Klaas

Ag maar dis tog 'n alte fraai hoed wat jy daar op het sê Lizzie vir Berta

Die offisier kommandeer voorwaarts mars

Ons meid sê elke aand as sy na haar strooihuis toe gaan naand ounooi naand oubaas naand nonnie naand basies

Dan sê Ma naand Mina sal jy môre 'n bietjie vroeg kom

Wat sal jy vra vir daardie perd van jou sê Herklaas vir Krisjan

Krisjan sê ek sal niks vra nie want ek wil hom nie verkoop nie

Ma sing suutjies slaap kindjie slaap

Waar is Herman vra Gert

Gert vra terug wat wil jy met Herman maak

Al die mense in die byeenkoms roep lewe die Generaal

**154.** Kyk nog 'n keer na die Lydende Voorwerpe van Oef. 150. Daardie Voorwerpe is algar klein sinnetjies. Ons noem hulle daarom *Lydende Voorwerpsinne.* In die voorbeeld wat daar gegee is, sê die Lyd. Voorw.sin dat ek in die vakansie na die strand toe sal gaan. As ek dit apart vertel, sonder iets anders daarby, dan sê ek nie

*„dat ek in die vakansie na die strand toe sal gaan"*

nie, maar

*„Ek sal in die vakansie na die strand toe gaan".*

Sit op dieselfde manier al die Lydende Voorwerpsinnetjies van Oef. 150 apart.

**155.** Vul in met die vereiste Voorsetsel:

Daardie sieke het sy vertroue .... die dokter al verloor.

Ons land ly partykeer vreeslik deur gebrek .... water.

Ek het geen geloof .... kwaksalwersmiddels nie.

Oom Piet het baie verstand .... skape.

Ons sê jou hartlik dank .... jou troue hulp.

Hierdie boek gee 'n mooi beskrywing .... die walvisvangs.

Ons sal die jaar oorvloed .... vrugte hê.

Elke slag kom die gedagte .... ons vroeër armoede weer by my op.

Pa kry elke dag berig .... die siekte van Oupa.

Jy het glad geen rede .... soveel besorgdheid nie.

Ek het nou baie lus .... 'n lekker glas melk.

In die oorlog het Ma hulle gedurig geleef in vrees .... 'n oorval deur die vyand.

Ons lewe nou maar in die verwagting .... 'n goeie bui reën.

Daar is 'n monument opgerig ter gedagtenis .... die gevalle helde.

Ek het 'n rekening .... boeke en tydskrifte ontvang.

Hierdie horlosie is nog 'n herinnering .... my oorlede oom.

By die deur het hulle ons die toegang .... die fabriek geweier.

Ons het 'n lang gesprek .... die laaste eksamen gehad.

**156.** Vul in:

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Die | Selfst. | n.w. | *klank* | kom | van | die | Werkw. | .... |
| " | " | " | *spraak* | " | " | " | " | .... |
| " | " | " | *dwang* | " | " | " | " | .... |
| " | " | " | *keus* | " | " | " | " | .... |
| " | " | " | *reuk* | " | " | " | " | .... |
| " | " | " | *hulp* | " | " | " | " | .... |
| " | " | " | *bedrog* | " | " | " | " | .... |
| " | " | " | *skrif* | " | " | " | " | .... |
| " | " | " | *gewig* | " | " | " | " | .... |
| " | " | " | *gebed* | " | " | " | " | .... |
| " | " | " | *verstand* | " | " | " | " | .... |
| " | " | " | *les* | " | " | " | " | .... |
| " | " | " | *begrip* | " | " | " | " | .... |
| " | " | " | *blos* | " | " | " | " | .... |
| " | " | " | *spreuk* | " | " | " | " | .... |
| " | " | " | *geut* | " | " | " | " | .... |

**157.** Vul in met die vereiste Voorsetsel:

Ek bekommer my nie .... ongelegde eiers nie.

Mag God jou .... alle kwaad behoed.

Moenie .... daardie bedrieër luister nie.

Die mense kla baie .... die droogte.

Ek verwonder my ...... jou onkunde.

Die vader het sy seun ...... al die nodige vir die reis voorsien.

Jou verhaal stem ooreen ...... die berig in die koerant.

Ek het baie spyt ...... daardie vergissing van my.

Ons het meer as 'n uur ...... jou gewag.

Ek twyfel nie ...... die waarheid van jou bewering nie.

Jy behoort jou te skaam ...... so'n lafhartige daad.

Neef Herklaas spog maar altyd ...... sy mooi span perde.

Die arme man het gevra ...... uitstel van betaling.

Die skuldeiser wou nie ...... die versoek bewillig nie.

Ons glo algar ...... 'n almagtige God.

Die boere dring maar gedurig by die Prowinsiale Raad aan ...... verbetering van hulle paaie.

Ek sal my maar moet vergenoeg ...... die helfte van wat ek gevra het.

Die Here het Hom eindelik ..... sy arme volk ontferm.

Moenie ...... gebreklike mense spot nie.

Verneem bietjie vir my ...... die prys van die mielies.

158. *Dat Piet hom so onbehoorlik gedra, verwek partykeer groot opskudding in die skool.*

Hierdie sin in drie kolomme ontleed, kom so te staan:

| *Onderwerp.* | *Gesegde.* | *L. Voorwerp.* |
|---|---|---|
| Dat Piet hom so onbehoorlik gedra | verwek partykeer in die skool | groot opskudding |

Doen ook so met die volgende sinne; maar pas op, want nie by algar is 'n Lyd. Voorw. nie.

Of Piet die prys sal wen, is nog baie twyfelagtig.

Wat jy alles wil doen, traak my nie.

Dat julle nog goed gesond is, blyk duidelik uit julle voorkome.

Wat ek julle wou vertel, kan geen kwaad veroorsaak nie.

Of ek sal saamgaan of nie, is moeilik om vooruit te sê.

Dat Willem so goed deur sy eksamen gekom het, veroorsaak groot blydskap by sy famielie.

Wat ek julle hier nou vertel het, moet nog 'n tydjie geheim gehou word.

Of ek al of nie van die saak geweet het, maak maar weinig verskil.

Dat Faan op die laaste oomblik kop uitgetrek het, het ons hele plan in die war gestuur.

Waar ons nou na toe moet trek, sal nog eers uitgemaak moet word.

Wat iemand nie weet nie, hinder hom ook nie.

**159.** Skryf 'n opstel oor een van die onderwerpe wat op bls. 130 aan die end van die boek onder letter K staan.

**160.** Vul in met die regte Voorsetsel:

Piet is 'n flukse seun; sy Pa is trots .... hom.

Die perd was vreeslik bang .... die tier.

Die meester is tevrede .... Jan se werk.

Koos het eers drie sielings vir sy lemoene gevra, maar op die end was hy .... 'n halfkroon tevrede.

Die kind was baie bly .... sy nuwe speelgoed.

Pa is bly .... die vorderinge van my sussie.

Daardie man is so ryk, dat hy amper verleë is .... al sy geld.

Ma is tog altyd so besorg .... ons.

Daardie ou boer is baie goed .... sy kaffers.
Die werksman was ontevrede .... sy loon.
Die baas was heeltemal ontevrede .... die kaffer se werk.
My buurman is tog alte lief .... 'n lekker kop koffie.
Koos, voel jy jou nie beskaamd .... jou slegte gedrag nie?
Die kinders was baie begerig .... die heuning wat hulle uit die nes sou kry.
Ek is glad verwonderd .... jou onverskilligheid.
Hou op om my te order; jy is nie baas .... my nie.
Hoe lyk dit dan of jy kwaad .... my is?
Die soldate is ondergeskik .... hulle offisiere.

**161.** Kyk na die Onderwerpe in Oef. 158. Hierdie onderwerpe is algar klein sinnetjies. Daarom noem ons dit *Onderwerpsinne.* Die onderwerpsin van die voorbeeld is:

Dat Piet hom so onbehoorlik gedra.

As iemand dit apart vertel sonder iets anders daarby, sê hy dit nie soas dit nou daar staan nie, maar so:

Piet gedra hom so onbehoorlik.

Skryf op dieselfde manier apart op, wat in al die Onderwerpsinne van Oef. 158 vertel word.

**162.** Wat beteken die volgende uitdrukkinge?

Hy vat die voortou.
Hy gooi tou op.
Hy lê die rieme neer.
Hy laat vat.
Hy val weg.

Hy lê plat.
Ons moet voetslaan.
Dit slaan my dronk.
Sy twak is nat.
Nou gaan my pyp glad uit.
Dit gaan bokant my vuurmaakplek.
Hy is die voorbok.

**163.** Hier staan 'n paar stukkies waarin in die indirekte rede vertel word wat iemand gesê of gelees of gevra het. Skryf dit oor in die direkte rede.

*a.* Krisjan vertel dat hy vir sy Ma na die winkel toe gewees het om rys te koop, maar dat hy, toe hy terug kom, oor 'n klip gestruikel het, en dat die papiersak toe gebreek het, en al die rys op die grond geval het.

*b.* Ma het in die koerant gelees, dat daar in die volgende maand 'n groot fees in die dorp sal wees, en dat al die skoolkinders daarby uitgenooi word.

*c.* Marta sê vir Martinus, dat hy hom in die kerk glad nie goed gedra het nie, want dat hy gedurig met sy tiekie sit en speel het, dat dit op die end op die grond geval het, en dat hy toe niks gehad het om vir die kollekte te gee nie.

*d.* Oom Danie vra vir Hessie, waarom sy nie beter haar bes doen nie; of sy dan nie weet dat sy op dié manier altyd agter sal bly nie, en wat sy sal maak as sy van die skool af moet gaan en sy ken nog nie genoeg om behoorlik in die wêreld klaar te kom nie.

*e.* Pa sê vir Janewarie, hy moet die aartappels op die wa laai en inspan; dan moet hy eers by Oom Piet aanry en die ploeg oplaai en dorp-toe ry; Pa sal self met die karretjie agterna kom.

**164.** In die volgende sinne kom elke keer Onderwerpe of Lyd. Voorwerpe voor wat self weer klein sinnetjies is; dus Onderwerpsinne en Lyd. Voorwerpsinne.

Ontleed die sinne in hulle hoofdele (Ond., Ges. en L. V.w., en sit by elke Onderwerp wat op homself weer 'n sinnetjie is, tussen hakies: (Ond.sin); en by elke Lyd. Voorwerp wat ook self 'n sin is: (Lyd. Voorw.sin).

Ons weet nog nie seker of ons by julle sal kom kuier nie.

Dat die seun so stout is, maak die hart van sy ouers baie seer.

Of ons môre sal uitgaan, hang heeltemal van die weer af.

Gister het Oom Gert op die mark gehoor, dat die mielies vanjaar baie duur gaan word.

Wie 'n hond wil slaan, kan maklik 'n stok vind.

Ek het nog altyd geglo dat Flip 'n eerlike man is.

Ek wil weet wat daar gebeur het.

Wat jy my toe vertel het, het gemaak dat ek later altyd eers goed 'n ding ondersoek.

Wat Faan my daar skryf, verwonder my glad nie.

Ek wil graag glo, dat jy dit met 'n goeie bedoeling gedoen het.

Of ek nog Kaapstad-toe sal gaan, kan ek op die oomblik nog nie beslis sê nie.

Wat julle elke aand met mekaar uitvoer, bewys duidelik hoe moedswillig julle is.

**165.** Maak 'n opstel oor een van die onderwerpe wat op bls. 130 aan die end van die boek onder die letter L staan.

**166.** Ons *bind* met 'n band.

Die Selfst. n.w. *band* is gemaak van die Werkw. *bind*.

Vul die volgende in met die Selfst. n.w. wat van die Werkw. gemaak is:

Ons *drink* 'n verkoelende ....

Ek kan hierdie deur nie *sluit* nie, want daar is geen .... op nie.

Ons *speel* elke keer 'n ander ....

Annie *breek* die koek, en gee elkeen 'n ....

Ons *meet* dinge met 'n ....

Jan *help* ons, en ons is dankbaar vir sy ....

Piet *buig* die yster, maar hy maak 'n verkeerde .... daarin.

Dit *stuif* baie; die wind ja die .... orals heen.

Pa en Oom *skiet* na 'n skyf; elke slag hoor ek 'n ....

Ons *lees* vanoggend 'n nuwe .... in ons boek.

Klaas *skryf* nie mooi nie; ek kan skaars sy .... lees.

Ons *bied* geld vir die os, maar die eienaar wil ons .... nie aanneem nie.

## Wenke vir die Onderwyser omtrent die Onderwerpe vir Opstelle.

---

Die bedoeling is om die kinders soveel moontlik te laat skryf oor dinge waar hulle goed mee bekend is, of ervaringe wat hulle self gehad het. Daarom gee ons b.v. nie op om te skryf oor *„Die Kat"* nie, wat 'n generalisering van die onderwerp sou vereis, maar oor *„Ons Kat"*, sodat hulle kan skryf oor dinge wat hulle persoonlik waargeneem het; nie oor *„'n Piekniek"* in die algemeen nie, maar oor *„Die Piekniek wat ons gehou het"*. As daar in die klas kinders is wat nie 'n kat in die huis het nie, moet hulle toegestaan word om te skryf oor iets anders, wat hulle het.

Die gedagte-uiting van die kinders moet soveel moontlik oorspronklik wees; elke kind moet die onderwerp kan behandel en homself daaroor uitdruk op sy eie manier, d.i. die manier wat vir hom die natuurlikste is en spontaan uit sy karakter voortvloei. Daarom moet die onderwyser hom nie aan bande lê deur hom in 'n reeks van punte voor te skryf *wat*, en in watter *volgorde* hy moet skryf nie. Nog veel minder moet die onderwyser van die kind eis om hom uit te druk in woorde wat die onderwyser self gebruik het. Wat hy behoort te eis is, vereers dat die kind gereeld skryf en nie van die hak op die tak spring nie; en verder dat dit goeie Afrikaans is in sinsbou, woordkeus en woordvorm. Op dié manier sal daar nie in 'n klas van b.v. twintig leerlinge twintig ongeveer enerse opstelle tevoorskyn kom nie, maar twintig verskillendes, elkeen

ooreenkomend met die indiwiduele geaardheid van die skrywer, en hierdeur sal 'n strewe na oorspronklikheid gewek word, wat gunstig sal werk op die karaktervorming van die leerlinge.

As daar in die skool of in die omgewing iets besonders plaasgevind het, wat die kinders bygewoon het, behoort die onderwyser nie te versuim om daarvan gebruik te maak vir 'n opstel nie.

Owerigens is in die gegewe lys onderwerpe genoeg om, as dit wenslik mag wees, elke week van die skooljaar een te kan opgee, vir huiswerk of om in die skool daaroor te skryf.

## Onderwerpe vir Opstelle.

A. Ons Kat.
Ons Hond.
Ons Hoenders.
Ons Perde.
Ons Beeste.

B. Ons Huis.
Ons Tuin.
Ons Skool.
Ons Boeke.
Die Meubels in ons Huis.

C. Wat Pa werk.
Wat Ma werk.
Wat die Wasmeid werk.
Wat ons Sondags doen.

D. Die speletjies wat ons speel.
Die Piekniek wat ons gehou het.
Wat ons op die Uitspanplek doen.

E. Wat ek by die Nagmaal gesien het.
Wat ek op die Wandeling gesien het.
Wat ek by die Stasie gesien het.

F. Wat ek op die pad na Skool toe sien.
Wat ons in die Winkel sien.
Die Reën wat ons laas gehad het.

G. Hoe hulle 'n Huis bou.
Hoe 'n Boom omgekap word.
Hoe die Osse ingespan word.

H. Hoe 'n Velskoen gemaak word.
Hoe die Lande geploeë word.
Hoe die Mielies afgemaak word.

I. Die Babetjie.
Die Vinke.
Die Trapmasien.

J. Die Voëls wat naby ons Huis lewe.
Die Voëls wat naby die Dam lewe.
Die Voëls wat in die Veld lewe.

K. Die Vrugteboord.
Die Geweer.
Die Grasbrand.

L. Die Beeskraal.
Die Mielielande.
Die Kaffers se woonplek.

By die uitgewers van hierdie boek het ook verskyn 'n serie boekies, baie geskik om as leesboekies op die skole gebruik te word. Die serie bestaan uit die volgende boekies, voorsien van mooi prentjies:

No. 1. **Sprokies van H. C. Andersen.** (Twede druk).
„ 2. **Sprokies van Gebroeders Grimm.** (Twede druk).
„ 3. **Die Fabels van Esopus.** (Derde druk).
„ 4. **Gulliver in Lilliput.** (Twede druk.)
„ 5. **Verhale uit die Arabiese Nagstories.** (Derde druk).
„ 6. **Awonture van die Swerwer-held Don Kwiksot.** (Twede druk).
„ 7. **Jakkalsstreke** ('n vrye vertaling van Reinaart de Vos.) (Twede druk).
„ 8. **Uilspieël** ('n vrye vertaling van Tyl Uilenspiegel.) (Twede druk).
„ 9. **Die Awonture van Baron von Munchhausen.**
„ 10. **Die Hut van Outa Tom.**
„ 11. **Vreugdekind.**

Die prys van elke boekie is slegs

**3/- posvry.**

# 'n Nuwe Bybelse prenteboek vir ons kinders.

Bij die uitgewers van hierdie boek het ook verskyn:

## Groot Bybelse Prenteboek

Agt-en-veertig gekleurde prente van die ou en nuwe Testament.

**Met byschrifte van Ds. W. A. JOUBERT Sr.**

Derde uitgawe met nuwe prente.

Prys slegs **3/9** posvry.

Hierdie Bybelse prenteboek, met 48 fraaie Bybelse prente, in pragtige kleure gedruk, is die mooiste en goedkoopste wat ooit verskyn het. Die formaat is $9\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$ duim, die boek is gedruk op swaar kunstpapier en die linneband is bedruk met goud, terwyl 'n gekleurde prent buitenop hom baie aantreklik maak.

# NUWE SONDAGSKOOL UITGAWES

By die uitgewers van hierdie boekie het ook verskyn:

# NIEMAND SE LIEFLING NIE

EN

# WAAR DIE WILDE TIEMIE GROEI

DEUR

## FANNY EDEN

Elke boekie is fraai uitgevoer, met 'n harde band, 'n gekleurde prent buitenop en twee swart prente in die teks.

**Prys elkeen 2/– posvry.**

---

Verder wys ons nog op die mooi boek van FANNY EDEN wat ons onlangs het gepubliseer, n.l.:

# MOEDERLOOS

**'n Pragtig uitgevoerde boek met prente vir slegs 4/– posvry.**

Die boekies van FANNY EDEN is in Afrikaans oorgesit deur Ds. P. J. MARAIS.

PRETORIA
KAAPSTAD